

### HOOFSTUK III

#### LAAT-YSTERTYDPERKOOBLYFSELS IN DIE PHALABORWA-OMGEWING: DIE SEKGOPO- EN GA-MAŠIŠIMALE-TERREINKOMPLEKSE

##### 1. Afbakening van die navorsingsgebied

Navorsing vir die proefskrif is in hoofsaak uitgevoer rondom die dorp Phalaborwa in die Letabadistrik, en wel binne 'n gebied wat rofweg sowat 100km<sup>2</sup> beslaan. Die gebied strek oor 23°52' - 24°03'0 en 31°13'S en is geleë direk suid van die Selatirivier en verder noord van laasgenoemde en die Olifantsrivier tot by die plase Quagga (21LU) en Selongwe (23 LU). Die westelike grens van die gebied word enersyds natuurlik gevorm deurdat feitlik geen koppies verder wes van Mading en Mapotini voorkom nie. Andersyds val die voorkoms van laasgenoemde koppies saam met die Mica nasionale pad wat aansluit by die Gravelotte-Phalaborwa nasionale pad wat dus in der waarheid die wesgrens van die navorsingsgebied verteenwoordig. Die oostelike grens word gevorm deur die grensdraad tussen die Nasionale Krugerwildtuin (NKW) en die Phalaborwa dorps- en myngebied (Figuur 10).

Die afbakening van die navorsingsgebied val dus saam met die voorkoms van die meeste en belangrikste siënietskoppies wat rondom die oorspronklike Loolekop voorkom. Die koppies word ook in mondelinge oorlewering van die baPhalaborwa aangedui as die belangrikste woon- en metaalbewerkingsterreine van die gemeenskap (Du Toit 1968 en Scully 1978). Met uitsondering van enkele terreine soos Sekgopo in die noordooste en in die NKW, is die belangrikste historiese terreine rondom Loolekop en dus binne die primêre navorsingsgebied van die proefskrif geleë (Figuur 23).

Die terreine of koppies rondom die dorp verkeer, soos reeds uitgewys, in 'n besondere geologiese en geografiese oriëntasie ten opsigte van die sentraal geleë karbonatietyp (of Loolekop) van die Palabora Stollingskompleks (vgl. Hoofstuk II). Hoewel die koppies 'n noordoos na suidwes verspreidingspatroon het, is die meerderheid sentraal rondom die oorspronklike Loolekop geleë, en word vir die doeleindes van die studie die Loole-terreinkompleks of kompleks van terreine genoem (Figure 10 & 12).

Die streekopname was egter nie beperk tot die sentrale navorsingsgebied of die Loole-terreinkompleks nie. Verkenningwerk is ook verder suidwes en noordoos

in die Letaba-distrik uitgevoer. Die omvang van die argeologiese oorblyfsels het egter die navorsing en opgrawings tot die Loole-terreinkompleks beperk. Ook het die noodsaaklikheid om argeologiese terreine in die omgewing van die dorp en myne, waar mynbedrywigheede reeds talle terreine vernietig het en voortdurend bedreig, gelei tot die ondersoek van die kompleks van terreine. Die argeologiese reste wat verder noord in die NKW en verder suid naby Mica voorkom, is egter veilig bewaar en kan ter geleger tyd bestudeer word.

Die argeologiese verkenning is suidwaarts uitgebrei na die plase Grietjie (6 KU), Square (150 KT), Lillie (148 KT) en Transport (145 KT) waar metaalbewerkingsoorblyfsels aangetref is (Figure 11 & 12). Die gebied is egter net soos die NKW nie intensief verken nie. Die meerderheid terreine van die gebied was vermoedelik die voormalige woonplekke van die baSai wat vandag in die Masisimale-woonbuurt ten weste van Phalaborwa woonagtig is. Die terreine is nagenoeg tussen 24°2' - 24°6'0 en 30°48' - 31°05'S geleë. Die terreine van die gebied word ook die Ga-Masišimale-terreinkompleks genoem na aanleiding van die vroeëre blyplek van die baSai tussen die ooreenstemmende vernoemde heuwelreeks van die plase Lillie (148 KT) en Hope (149 KT) (Figuur 11) (vgl. 3).

Die derde gebied wat vlugtig verken is, is sekere van die koppies wat oos van Phalaborwa in die NKW voorkom. Die gebied is nagenoeg geleë tussen 23°52'O - 57'O en 30°15 - 17'S. Die groep koppies of terreine van die gebied wat onder andere met die latere Majaji-faksie van die baPhalaborwa verbind word, en wat in resente tye van die stam afgesplinter het, is veral bekend na aanleiding van die terreine Makwibidung, Shikumbu (of Sekgopo) en Masorini (Pjene). Die groep terreine of koppies van die gebied word ook die Sekgopo-terreinkompleks genoem (Figuur 12) (vgl. 2.3).

Die ystertydperkbewoners van sommige terreine van die drie geografiese terreinkomplekse se historiese oorsprong, verwantskap en geskiedenis mag dieselfde of ten minste nou verweefd wees. Veral die gemeenskappe van die Loole-terreinkompleks en die bewoners van terreine soos Sekgopo en Masorini van die Sekgopo-terreinekompleks se oorsprong en historiese lotgevalle, toon 'n hoë mate van kulturele verstrengeling (Du Toit 1968 en Scully 1978). Die baSai van die oorspronklike Ga-Masišimale-heuwelreeks het egter 'n eie oorsprong en kon oorspronklik as 'n afsonderlike kultuurgroep beskou word voordat hulle totaal deur die ba-Phalaborwa geabsorbeer en geënkultureer is (Krige 1937a en Van Warmelo 1944). Die skeiding van die komplekse en gemeenskappe van die komplekse is dus primêr geogra-

fies en dus deels kunsmatig omdat daar wel historiese en kulturele bande tussen die gemeenskappe van veral die Loole- en Sekgopo-terreinkomplekse voorkom (Du Toit 1968 en Scully 1978). Hoewel die baŠai volgens oorlewering nie oorspronklik 'n Sotho-gemeenskap was nie, het hulle die afgelope honderd-en-vyftig jaar totaal ver-Sotho. Die oorspronklike kultuur van die gemeenskap mag moontlik gereflekteer word in sekere van die argeologiese oorblyfsels van terreine van die Ga-Mašišimale-terreinkompleks. Laasgenoemde asook die Sekgopo-terreinkompleks word oorsigtelik in die hoofstuk beskryf, waarna die Loole-terreinkompleks in Hoofstuk IV behandel word.

## 2. Die Sekgopo-terreinkompleks

### 2.1 Algemeen

Die prominentste siënietskoppies wat met die Palabora Stollingskompleks geassosieer word, neem af in die Phalaborwa-sandveld in die gebied noord en oos van Phalaborwa in die NKW. Sommige van die koppies verteenwoordig terreine wat deur verskillende gemeenskappe (Sotho, Shangana, Venda, Tsonga, Swazi, ens.) bewoon was (vgl. Van Warmelo 1961). Die koppieterreine Masorini (Pjene) en Shikumbu (Sekgopo) was veral belangrike woonsentra van 'n groep van die baPhalaborwa in die negentiende en vroeë twintigste eeu (Figuur 12) (vgl. 2.3.1.1 - 2.3.1.2).

Die koppies van die gebied word die Sekgopo-terreinkompleks genoem na aanleiding van die Sotho-naam vir Shikumbu wat naas Makwibidung ongetwyfeld die belangrikste koppies in die gebied is. Nie alleen was dit nes Makwibidung 'n kapteinsterrein van die baPhalaborwa nie (vgl. 2.3.2.4), maar figureer beide oor 'n lang tydperk prominent in die geskiedenis van die stam. Slegs drie koppies van die kompleks is verken, nl. Sekgopo in die verre noorde en Vudogwa in die suide. 'n Gedeelte van die Masorini-terrein wat tussen die twee koppies geleë is, is reeds in die sewentigerjare deur die Departement Argeologie van die Universiteit van Pretoria opgegrawe en in samewerking met die Nasionale Parkeraad gerekonstrueer tot 'n argeologiese terreinmuseum. Die oosgrens van die koppieterreine is in die omgewing van die Letaba-ruskamp in die NKW (Van der Merwe 1971; Van der Merwe en Scully 1971 en Thorne 1974).

Die koppieterreine van die gebied is geleë in die meer sentrale gedeelte van die deinende en hoërliggende Phalaborwa-sandveld wat onderlê word deur graniet en gneis. Die grond van die gebied varieer van liggeel tot grys. Die droër geloogde

bulte van die gebied word gedomineer deur *Terminalia sericea* terwyl *Colophospermum mopane* en ander spesies in die laerliggende gebiede oorheers. Opvallend van die Phalaborwa-sandveld van die NKW - net soos noord van Phalaborwa - is die voorkoms van groot getalle miershople (Gertenbach 1983: 37-41). Geen standhoudende water kom in die onmiddellike omgewing van groter terreine soos Sekgopo en Masorini voor nie. Water is waarskynlik net soos ander lewensmiddelle soos wilde en gedomestiseerde gewasse, gejagte diere en selfs minerale soos magnetiet en moontlik malagiet, oor groot afstande vervoer.

## 2.2 Vroeëre navorsing

Die gebied oos van Phalaborwa in die NKW het reeds in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare die aandag van navorsers geniet. 'n Betreklike intensiewe argeologiese verkenning van die gebied is beskryf in 'n doktorsale proefskrif (Thorne 1974) terwyl die resultate van opgrawings op Masorini en Shikumbu slegs oorsigtelik vermeld word (Van der Merwe 1971; Van der Merwe & Scully 1971 en Thorne 1974). Die geskiedenis van gemeenskappe wat met sekere van die koppies verbind word, is deur Scully (1978) beskryf (vgl. 2.3.1).

Die Ystertydperk van die NKW en dus ook van die gebied tussen die Letaba- en Olifantsrivier het die afgelope dekade die aandag van die Departement Argeologie van die Universiteit van Pretoria in beslag geneem. 'n Doktorsale proefskrif oor die navorsing is onlangs voltooi (Meyer 1986) terwyl 'n tweede proefskrif oor die dieetpatrone van die ystertydperkgemeenskappe van die NKW onlangs voltooi is (Plug 1988). Die argeologiese opgrawings en etno-argeologiese navorsing wat as deel van die Masorini-terreinmuseumprojek uitgevoer is, is hoofsaaklik vermeld in ongepubliseerde vorderingsverslae (Eloff 1976, 1979; Van Vuuren 1976 en Verhoef 1982). Gedurende dié navorsing was die verband tussen die baPhalaborwa en die Masorini- en Shikumbu-terreine deur die raadpleging van informante reeds bevestig.

## 2.3 Etnohistoriese agtergrond en argeologiese bevindinge

Slegs Shikumbu en Vudogwa wat saam met Masorini in 'n feitlik reguit lyn lê, is verken. Etlike ander koppies wat oos van die drie groot koppe geleë is, is te klein om op die 1:50 000 kaart (2331 CD Masorini) van die gebied aangetoon te word (Figuur 12). Die koppies het meestal Shangana- en Sotho-name.

Die terreinkompleks met Masorini as verwysingspunt is in 'n reguit lyn sowat 15km

vanaf Loolekop geleë. Sekgopo is 'n kilometer of twee verder geleë en Vudogwa 'n kilometer of twee nader. Terreine soos Shishini, Shishwani en ander wat nog verder oos geleë is, is uiteraard nog verder van 'n ertsbron soos Loolekop geleë. Dit skyn egter asof die meerderheid van terreine wat verder oos van die drie gemelde koppierterreine voorkom, nie noemenswaardige metaalbewerkingsoorblyfsels het nie. Dit wil ook voorkom asof die konstruksie van klipmure en die aard van ruimtes wat met klipmure afgebaken en gevorm word oos van Masorini en Sekgopo, 'n andersoortige patroon verteenwoordig (Van der Merwe 1971 en Thorne 1974: 83-103). Die aanvang van die verandering is reeds opmerklik by Vudogwa waar robuuste en betreklik hoë klipmure, klipsirkels aan die voet van die kop, en 'n ysterreduksieterrein wat agter 'n keermuur voorkom, opgemerk is. Die terreine Sekgopo en Masorini verteenwoordig dus volgens hulle kenmerke en historiese inligting die oosgrens van die koppierterreine wat primêr met die gemeenskappe van die Loole-terreinekompleks en dus met die baPhalaborwa verbind word.

Die belangrikste doel met die besoek aan die terreine was, net soos in die geval van die Ga-Mašišimale-terreinkompleks, om beide en veral laasgenoemde bekend te stel. 'n Verkenning van die komplekse en hulle gebiede het dit ook moontlik gemaak om breë vergelykings tussen die komplekse te doen. In dié opsig is gelet op opvallende kenmerke met betrekking tot vestigingspatrone, metaalbewerkingsoorblyfsels en ander ooglopende verskynsels wat onder andere die resultaat van kultuur- en/of omgewingsverskille tussen die komplekse kan verteenwoordig. Daar is ook in besonder gelet op beide yster- en koperbewerking wat in die Sekgopo- en Ga-Mašišimale-terreinkomplekse voorkom, aangesien die gemeenskappe dan moontlik ook hulle minerale vir bewerking van dieselfde bronne - Loolekop en die Old Guide Myn - verkry het.

### 2.3.1 Historiese agtergrond

Die mondelinge oorlewering aangaande Sekgopo word in twee dele verdeel. Eerstens word aandag gegee aan vroeë baPhalaborwa-groepe wat met die koppie geassosieer word voordat die eerste baMalatji-kaptein, nl. Majaji die seun van Makekele, hom by die koppie gaan vestig het teen die middel van die negentiende eeu. Hierna word aandag gegee aan die meer resente en bekende geskiedenis van Sekgopo, d.w.s. die regeringstydperk van Makekele (ca1800 - 1870) en die vestiging van die eerste Malatji-groep onder Majaji by die koppie.

### 2.3.1.1 Pre-baMalatji-groepe by Sekgopo

Sekgopo word indirek in mondelinge oorlewering verbind met die "ou plekke" of met Makwibidung waar van die vroegste baMalatji-groepe hulle gaan vestig het (vgl. III: 2.3.2.4). Die area ten ooste van Phalaborwa in die NKW of in die Sekgopo-terreinkompleks, verteenwoordig dus 'n vroeë woonpunt vir baMalatji-groepe alvorens hulle die Loole-terreinkompleks en meer spesifiek Nagome, Sealeng en ander koppies van die gebied beset het (Figuur 12).

Die amalgamering van verskillende heterogene kultuurgroepe wat uiteindelik die baPhalaborwa sou vorm, het sekere verdelings tot gevolg gehad wat in oorlewering bly voortbestaan.

"Most noticeable is the Sekgopo-Sealeng dichotomy which reflects earlier Venda (**tchwene**), Kgatla (**kgabo**), Pedi (**noko**), indigenous (**phala**) fields on interest." (Scully 1978: 84)

Oorlewering maak dan ook melding van twee groepe baMalatji wat hulle in twee migrasiestrominge op verskillende tye onderskeidelik by Sealeng en Sekgopo gaan vestig het. Die groepe het dan ook Phalaborwa vanuit verskillende rigtings binnegetrek.

"Opposition between the groups is a theme which recurs throughout the history of the area down to the present." (Scully 1978: 79)

Ook Du Toit (1967: 6) meld dat 'n groep baMalatji (met die totem **tshwene**) hulle by Sekgopo gaan vestig het nadat 'n groep baMalatji hulle reeds by Sealeng in Phalaborwa gevestig het. (Die totem **tshwene** word met die noorde of Venda verbind).

'n Weergawe van 'n informant meld dat die Sekgopo-Malatji afkomstig is van "Bosopa", 'n plek in Bokgalaka waar hulle voorvader, nl. Mukulukutwani (die ou een van Kutwani), eers geleef het voor die groep langs 'n suidoostelike en daaropvolgende noordelike roete na Sekgopo migreer het. In laasgenoemde se opvolger, Kulwana, se leeftyd vind die reis en al die omswerwinge van die groep plaas totdat hulle in Phalaborwa gevestig is. Kulwana is by Sekgopo begrawe wat ook beskou word as die **badimong** (voorvaderbegraafplaas) van die baMalatji van Phalaborwa. Die stigter of vader van die groep het ook die naam Selematsele (voorbereider van die weg of roete) ontvang, wat vandag nog gebruik word vir afstammeling van die Sekgopo-Malatji.

"In this story Kulwana is the first to be called "Malatji" and is the apical

genitor of the Malatji ruler of Phalaborwa." (Scully 1978: 78-79)

In oorlewering word melding gemaak van die verskeie groepe wat by Sekgopo voorgekom het alvorens Majaji en sy gevolg hulle by die koppie gaan vestig het. So wil dit voorkom asof die Masetla 'n voorgangergroep of -persoon vir verskeie baMalatji-linies en vroeë Bokgalaka-groepe by Sekgopo was. Die Masetla word verbind met die kryger Masetla, wat Sealeng voor 1860 in 'n veldslag verdedig het en met die krygsheld Motladikgomo. Die Masetla-groep was tot in die vorige eeu 'n invloedryke gemeenskap maar het weens resente politieke verwickelinge in onbekendheid verval (Scully 1978: 89-90). Die Masetla is as volg deur 'n informant beskryf:

"They are the people of Masetla, the one who was not so black (?), at a time long before Kgashane was **kgoshi** (Kgashane is used as a time marker here to indicate the beginning of known history). Masetla, the one who shot the elephant with the arrows, the one which died and praised the arrows, the one which died without a hole." (op. cit. p.89)

In een van die Monyaela-groep se oorlewerings word ook daarvan melding gemaak dat die groep hulle by Sekgopo gaan vestig het gedurende 'n hongersnood waarop die baShokane hulle geleer het om yster te smee maar nie te reduceer nie (op. cit. p.137).

Die Sekgopo-Malatji is ook dikwels onder 'n tweede naam, nl. die Selematsela bekend. Die groep het tot onlangs aanspraak gemaak op 'n afsonderlike oorsprong en totem (Scully 1978: 189). Die naam Selematsela word ook verbind met die Hlame-groep wat ook verbind word met die vroeë bewoning van Sekgopo. Die Hlame het 'n afsonderlike noordelike oorsprongsgeskiedenis en het die sekretarisvoël as totem gehad. Die groep het eers in resente tye baMalatji geword nadat hulle begin optree het as vroueverskaffers vir die baMalatji-kapteins van Sealeng. Die groep het dan ook vandag die **noko** as totem. Die Hlame van Sealeng het egter eers met die oorloë tussen Lepato en Majaji (1860-1870) begin optree as vroueverskaffers vir die baMalatji-heersers van Sealeng:

"The ba ga Hlame were at Sekgopo Hill before Malatji went there (i.e. following the first feud in the 1860's). They were the BaKgomana there (the highest ranking people and of royal blood). Majaji took over the place and the son of Majaji, whose name was Sekgoane, killed Mogale wa Motlogo the Hlame at Sekgopo with a spear while he was in the **kgorong** (men's meeting place). The Hlame then went to Makushane for protection and blood price was paid for this murder by giving Sekgoane's daughter to the Hlame ...." (Scully 1978:

248-249)

Die kapteinshuise van die baMalatji van Sealeng en Sekgopo het hierop beide hulle vroue van die Hlame verkry. Die volgeling van Lepato was tot so onlangs as 1905 nog steeds Selematsela genoem (op. cit. p.249).

Die Hlame was bekend as reisigers of handelaars wat met hulle vroue **mabele** (graan) vervoer het. Die Hlame-**sereto** verskaf die volgende inligting i.v.m. die groep en hulle handelsaktiwiteite:

"They are of Hlame of Bokgalaka the baMashale (Mashale?) who journey by foot like rogues The mother of the **sereto** (winnowing basket) on the head (a reference to the grain carried for trade)

The one who agreed to go.

**Agee!** (praise) Mother who agrees to go.

**Agee!** Rogue walking about.

Mother who refused to take it away (meaning not clear)."

(Scully 1978: 245)

Volgens bogenoemde verwysing is dit moontlik dat 'n verwantskap of affiniteit tussen die Hlame en die Mashale voorgekom het. In 'n verdere verwysing word ook gemeld dat die Selematsela vroeër is as die Mothatewaleopeng, en dat eersgenoemde hulle primêr besig gehou het met handelsaktiwiteite en die voorbereiding van weë of paaie eerder as landboubeoefening. Gedurende die ploegseisoen het die Hlame gaan handel dryf en akkerbou-aktiwiteite vir ander groepe gelaat. Voordat die landbougewasse geoes is, het die Hlame teruggekeer met **mabele** wat verhandel is sodat voedsel tussen die plant- en oestyd beskikbaar was (op cit. p.245).

'n Verdere kenmerk van die Hlame is dat hulle as leuenaars bekend staan weens hulle voormalige rolle as handelaars en middelmannen:

"The Hlame are those who cheat others (**bokolo tshane**). They are the ones who sold spears to the Swatsi people because they used to be deceptive and told lies. All Phalaborwa people had spears. It was the Hlame, however, who sold them to the Swatsi." (Scully 1978: 247)

Dit wil dus voorkom asof handelsbande tussen die Hlame en die Swazi bestaan het en wel voor die Swazi-aanvalle in en rondom Phalaborwa voor 1830. Dit word dan ook gesê dat die baPhalaborwa (of Hlame) spiespunte aan die Swazi verhandel het wat dit dan weer gebruik het om die baPhalaborwa te dood. Die binnekoms



van Nkwane, wat 'n Swazi-verwante groep was en wat bekend was as bedrewe metaal- (of spies-) vervaardigers, word ook verbind met die sogenaamde Selematselahandelsperiode (op. cit. p.247).

Die Selematsela-handelaars het skynbaar oor 'n groot deel van Transvaal opgetree. Paver (Scully 1978: 248) meld byvoorbeeld dat die baHuruthse aan Campbell (in 1820) gewys het op die bestaan van 'n groep mense in die noordooste wat bekend was as "Mohalaseela". Die Mohalaseela was ook bekend as "mense van die pad" wat in staat sou wees om olifante te ry, naby water (die see) sou geleef het en met krale handel gedryf het. Ook dr. Lewis Thompson van Messina meld die bestaan van 'n groep bekend as "Mahara tsela". Volgens Scully mag die verwysing dui op die handelsvermoë van die Selematsela wat met of voor die Difaqane wapens op 'n groot skaal in Transvaal verhandel het (op. cit. p.248).

'n Verdere vroeë baPhalaborwa wat by Sekgopo voorgekom het, was die Seale nadat hulle deur Makekele van Sealeng weggejaag is. Die gebeurtenis het saamgeval met die verhuising van Makekele van Kgopolwe na Sealeng wat nou **mosate** geword het. Die Seale was voor Meele by Sealeng begrawe waarop die koppie die **badimong** vir Makekele geword het en hy die Seale van die koppie verdryf het (Scully 1978: 316) (vgl. ook II: 5.3.6).

### 2.3.1.2 Die resente voorgeskiedenis van Sekgopo

Die latere voorgeskiedenis van Sekgopo word verbind met die regeringstyd van Makekele en veral sy seun Majaji wat hom en sy volgelinge by dié koppieterrein gaan vestig het. Die regeringstyd van Makekele (ca 1800-1870) was waarskynlik die onrustigste periode in die voorgeskiedenis van die baPhalaborwa.

In hierdie tydperk het oorloë met die Swazi, Zoeloe en Shangana en die eerste kontak met die blankes plaasgevind. Dit was egter ook die tydperk waarin die kapteinskap van die baPhalaborwa aanvanklik sterk onder Makekele gesentraliseer was, en sy regeringsgebied gestrek het vanaf Diskop by Gravelotte in die weste tot in die waterskeidingsgebied tussen die Letaba- en Olifantsrivier. Suidwaarts het dit ook ingesluit 'n gebied tot digby Mica. Phalaborwa het in dié tydperk en waarskynlik selfs vroeër in die regeringstyd van Meele reeds 'n reputasie as 'n formidabele metaalbewerkings en -produseringsgebied ontwikkel, wat eers teen die einde van die negentiende eeu getaan het. Dit was die tydperk waarin die bageSelepe en die Nkwane metaalbewerke hulle in Phalaborwa kom vestig het

(Scully 1978: 308, 319).

Die regeringsperiodes van Meele en Makekele word ook gekenmerk deur die sterk bande wat dié kapteins met die Mathipa en dus ook die baLobedu in die weste gehandhaaf het. Makekele was gebore uit 'n vrou van die Mathipa en dit was duidelik dat Meele se huwelik met dié Mathipa-vrou sekere politieke oogmerke verteenwoordig het - nl. 'n nuwe of hernieude alliansie tussen die baMalatji van Sealeng en die Mathipa ten weste van Phalaborwa. Ook Makgoropong, een van die seuns en die regmatige opvolger van Makekele, was gebore uit 'n vrou van die Mathipa wat deur Makekele getrou is. Die aanvang van Makekele se regeringsperiode word dus gekenmerk deur sterk bande met die Mathipa en baLobedu ten weste van Phalaborwa. Teen die helfte van die negentiende eeu sou Majaji met die ondersteuning van groepe uit die ooste egter Sekgopo en ander terreine in die ooste van Phalaborwa oorlewer vir opname in 'n oostelike belangesfeer. In die tydperk word Makekele aangeval deur Shangana en ander groepe "Mabona" uit die ooste wat uiteindelik sou veroorsaak dat 'n burgeroorlog Makekele se politieke en ekonomiese gesag verdeel, en lei tot die ontstaan van verskillende groepe onder die baPhalaborwa wat vandag nog bestaan (Scully 1978: 308, 319 en 329).

Die jongste voorgeskiedenis van Sekgopo word betreklik breedvoerig deur Scully (1978: 330-342) beskryf en word vervolgens hier opgesom.

In die latere gedeelte van Makekele se regeringstyd het hy toenemende vyandigheidsindheid van die Shangana ondervind wat gepoog het om die oostelike Sekgopo-area van Phalaborwa oor te neem. In die gebied het, soos reeds gemeld, groepe soos die Hlame, Mojela, Senyolo, Mashale en andere wat 'n oostelike afkoms gehad het, voorgekom (op. cit. p.330).

Die baPhalaborwa se verhouding met die Shangana het verander hoofsaaklik na die aankoms van 'n nuwe groep Shangana, nl. die Magwamba (of Knopneuse) vanaf die oostelike kusgebied. Die Magwamba was een van verskeie rondbewegende jaggemeenskappe wat invloedrykheid in die agtiende en negentiende eeu verwerf het weens hulle betrokkenheid in die verhandeling van ivoor en velle met die Ooskus. Die Magwamba-Shangana sou later saam met Joao Albasini ("Jiwawa") hul ivoorjagbedrywighede voortsit tot sy dood in 1888.

Albasini se eerste kontak met Phalaborwa het waarskynlik in 1840 en 1850 plaasgevind toe hy en die Magwamba in die Skukuza-area waar Albasini 'n handelstasie

aan die Sabirivier gevestig het, bedrywig was. In dié tydperk het die Magwamba ook hulle aandag na die groot olifantkuddes in die westelike deel van die Nasionale Krugerwildtuin aangrensend aan Phalaborwa verskuif (op. cit. p.331).

Ook Makekele het 'n welvarende ivoor-depot in die Laeveld onderhou en bedryf. Die ivoor is aan hom verskaf deur die Mahlongane-Shangana van onder andere Marupale wat olifante met gewere gejag het (vgl. VI: 4.4). Die ivoor is aan die oostelike kusgebiede verhandel vir gewere, tradisionele medisynes en ander vervaardigde goedere.

Teen 1850 het die Magwamba-Shangana begin om ivoor te versamel in die oostelike gebied van Phalaborwa. Ook het hulle invloed in die gebied begin toeneem.

"This was particularly so at Sekgopo Hill, the eastern centre, a ready and established depot for ivory and controlled by the Hlame metal traders and the Mokgalaka of the **tchwene** totem with whom the Magwamba, because of their Tovele ancestry, could claim historical affinities." (Scully 1978: 332)

Na 1850 het ivoor begin skaarser raak in die gebied weens die intensifisering van die jag op olifante. Die Magwamba en Makekele raak nou ook in 'n regstreekse konfrontasie betrokke nadat van die ivoor wat as tribuut van Sekgopo aan die **mosate** by Sealeng oorgedra moes word, deur die Magwamba geskaak en weggevoer is. Die Magwamba is in die onderneming gesteun deur die Hlame en Mokgalaka van Sekgopo sowel as Majaji, die seun van Makekele wat met 'n vrou van die Hlame getroud was (op. cit. p.332).

Die eerste botsing met Albasini het die vorm aangeneem van 'n grensdispuut gevolg deur 'n strafekspedisie deur Albasini teen Makekele. Hoewel die uitslag van die geveg onbekend is, is die bagaSelepe (wat naby Sealeng woonagtig was) en moontlik ander metaalbewerkende groepe uit Phalaborwa verdryf. Albasini het egter weerstand by Sealeng ondervind nl.:

"The Portuguese were Black and White together. The Whites were men of Jiwawa. Makikele defeated the Shangaans. Jiwawa was their leader. Lebado (son of Makikele) was the last man to fight the war (i.e. the second was with Jiwawa after Makikele died). The Shangaans were from Ntshangane. Makikele fought the Shangaans at Sealeng. At that time the people were building (i.e. living) together. They did not spread all over. They made a fence to surround the hill. There were many people. Those people knew that it was a time of war and they lived close together. They had a lookout by the name of Moreme

wa Sesoge. He woke up one morning and went on top of the hill and looked out all over. When he saw the warriors coming he blew the **phalafala** and women went up on top of the hill.

"They fought with guns. At the time of Makikele they used guns and arrows to kill Shangaans. The baPhalaborwa people stayed inside the fence; the enemy stayed outside. Makikele got his guns from local Phalaborwa forgers. He used to melt them himself. They used fire (**maebe**) and smelted iron into water and made what they wanted. The Selepe people were producing guns for Makikele ... their knowledge came from Bokgalaka ... Makikele had many guns. The **mashata** was a place of guns.

"Makikele had well known warriors ... called Moreme and Masetle his young brother .... They had a pot of poison at the **kgorong**. They would take arrows and put them into the poison .... They fought with guns. (Moreme) was on top of the hill and they shot him .... The Bopedi people (i.e. baPhalaborwa) were pushing stones on top of the Shangaans. When these Shangaans saw that they were being killed they ran away." (Scully 1978: 333-334)

Die eerste oorlog met Albasini het die weg gebaan vir die ondermyning van Makekele se gesag. Die ekonomiese grondslag van sy beheer en outoriteit het begin taan aangesien metaalproduksie begin agteruitgaan het en teen 1880 stopgesit is. Dit het saamgeval met die binnekoms van vervaardigde ysterprodukte en die uitdunning van olifantkuddes wat handelaars na die gebied gelok het. Verskeie van die ivoorhandelsroetes in die Laeveld het deur Phalaborwa na Venda geloop. Met die verval van die ivoorhandel het Phalaborwa dus 'n tweederangse stopplek vir handelaars geword (op. cit. p.334-335).

Met die dood van Makekele was Phalaborwa verdeel onder die volgelinge van Lepato wat in die weste by Kgopolwe gesentreer was en die Majaji-groep in die ooste by Sekgopo. Die verdeling was egter volgens Scully (1978: 340):

"... of great antiquity, as seen in the origin material and in group histories, and reflects two different oriented but interdependent sectors of Phalaborwa. Makikele's charismatic character as war leader during hostile times worked to hold the two sectors together but, as pointed out, this was not absolute and in the later years of his rule the east was gradually moving away from Kgopolwe hegemony and into an eastern orbit of interests. Kgopolwe at the same time was fostering new ties with the west, with Thabina, Bolobedu,

### Mmamabollo and the expanding Pedi empire.

Die verdeling van die baPhalaborwa in 'n westelike en oostelike groep (en in der waarheid 'n suidelike of Masêke-Malatji groepering wat reeds vroeër tot stand gekom het - vgl. VIII: 3.5) vind uiteindelik gestalte in die opvolgingsdispuut wat tussen die seuns van Makekele plaasvind, en wat die huidige verdeling, politieke struktuur en geografiese verspreiding van die verskillende groepe van die baPhalaborwa sou vorm.

Makekele het deur die sluiting van huwelike bondgenootskappe aangegaan met drie gebiede en dus met drie gemeenskappe in Phalaborwa. So trou hy sy **malome** se dogter by die Mathipa wat 'n seun Mokoropong Mathipa baar wat volgens huidige opvolgingsreëls sy regmatige opvolger sou wees. Makekele het egter ook vroeër 'n vrou van die Bokgalaka-groep (met die totem **tshwene**) van Sekgopo getrou wat Majaji in die lewe bring. (Die vrou mag van die Malesa gewees het, wat aan die Bokgalaka verwant was en wat albei groepe was wat voor Malatji die regmatige opvolger van Makekele was). Makekele het ook 'n verdere huwelik gesluit met 'n dogter van die Monyaela wat by Maboïen woonagtig was. Die seun Lepato wat uit dié huwelik gebore is, sou uiteindelik vir Makekele teen 1870 as kaptein van die baPhalaborwa opvolg, nadat Majaji- en Shangana-ondersteunders Mokgoropong om die lewe gebring het. Weens die moord is Majaji deur die stam as kaptein verwerp (op. cit. p.340-341).

Die vroeë geskiedenis van die baPhalaborwa begin dus teen 1870 met die regerings-tydperk van **kgosi** Lepato. In dié tydperk vind die binnekoms van die eerste blankes in die Phalaborwa-omgewing plaas en begin akkulturasie dus 'n aanvang neem.

Lepato was ook die eerste kaptein wat kerstening in die gebied toegelaat het. Die eerste diens het by die **mosate**, Kgopolwe, teen 1880 plaasgevind (op. cit. p.342).

Na die dood van Majaji het sy seuns Madume en Silwana in 'n opvolgingsdispuut betrokke geraak. Madume, die regmatige opvolger, het hom met sy volgelinge naby Mašišimale gaan vestig, terwyl Silwana en sy volgelinge hulle by Barnoek aan die Letabarivier gaan vestig het (Figuur 8). Nadat Silwana weg is van Sekgopo het Shangana-groepe hulle by die koppie gevestig. Een van die Shangana-kapteins was Makoeba wat hom later met sy volgelinge by die samevloeiing van die Letaba- en Molotosirivier gaan vestig het (J. Malatji, pers. mededeling).

### 2.3.1.3 Die Mojela van Pjene (Masorini)

Die koppie Pjene of Masorini suid van Sekgopo word met die Mojela verbind. Net soos die naam Shikumbu (vir Sekgopo), is Masorini 'n meer resente naam vir die koppieterrein. Die vroeëre of ouer naam van die koppie is egter Pjene. Die ouer name vir sekere koppies soos onder andere ook Moholwe vir Muhululu, dui op die vroeë teenwoordigheid van Sotho-gemeenskappe by die koppies wat later ook deur meer resente binnekomende Shangana en ander groepe bewoon is.

Die Mojela het volgens Scully (1978: 268) noue bande met die baMalatji gehandhaaf vanaf die tyd van Mothatewaleopeng. Dit word dan beweer dat die naam Mojela verwys na die groep se oorgeërfde funksie om as proewers vir die baMalatji-kapteins op te tree.

Die Mojela was woonagtig op die oostelike grensgebied van Phalaborwa en wel vanaf 'n tydperk voor die regeringstyd van Meele (ca 1800) wie se moeder afkomstig was van die "Mojela Tla keng". Oorlewing verbind die Mojela ook met die oorsprong van die Ramatladi-groep onder die baPhalaborwa. Dit word algemeen aanvaar dat die Mojela 'n vroeë Sotho-herkoms en in besonder 'n baKoni-verwantskap het en dat hulle deur die baMalatji uit Phalaborwa na Thobolo in die Krugerwildtuin verdryf is. Die Mojela het hierop ver-Sotho en in meer resente tye met Shangana ondertrou. Dit word ook beweer dat die Mojela soos die baTlôkwa vanaf Benoni (sic) hulle op 'n vroeë tydstip weens oorloë (die Difaqane?) op die oosgrens van die Laeveld gevestig het. Hulle mag dus die oorblyfsels wees van vroeë baKoni-groepe wat verspreid gewoon het deur die Krugerwildtuin en wat vermeng het met verskillende Tsonga- en Ngunigroepe (Scully 1978: 169-170, 269).

Die Mojela word ook beskou as verwant aan die Botinkane - 'n Nguni-groep wat hulle op die oosgrens van Phalaborwa gevestig het met die Zoeloe-inval in Mosambiek (ca 1930). Die naam beteken letterlik "die van Dingaan". Die Botinkane is weer later deur die Mahlongane-Shangana geabsorbeer (Scully 1978: 270).

Bogenoemde komplekse verlede van die Mojela, sowel as die tydsdiepte verbonde aan dié oorsprongsgeskiedenis, word egter nie deur die Mojela se genealogie wat slegs twee generasies aandui, weerspieël nie. Die gebrek aan tydsdiepte in die Mojela-genealogie word egter deur Scully (1978: 171) aan verskeie redes toegeskryf. Van die redes is onder andere die assosiasie van die groep met die onsuksesvolle aansprake van Ramatladi op die baPhalaborwa-kapteenskap asook weens die Mojela

se rol as

"... an earlier regional group undergoing rapid upward mobility within the present system and preferring to exclude a previous status best forgotten."

### 2.3.2 Argeologiese waarnemings en bevindinge

Die verkenning van die koppies van die Sekgopo-terreinkomplekse was vlugtig en oorsigtelik. Nie alle verskynsels wat met die koppieterrein geassosieer word, is uiteraard in detail ondersoek en selfs opgespoor en geïdentifiseer nie. 'n Meer breedvoerige beskrywing van die oorblyfsels en kenmerke van die koppieterreine van die NKW, en veral van Masorini en Sekgopo in besonder, verskyn in Thorne (1974: 82-97)

#### 2.3.1.2 Sekgopo (Shikumbu)

Sekgopo is 'n prominente kop wat sowat 80m bo die omliggende landskap uittoon (Foto's 12 & 13). Gesien vanuit 'n suidwestelike rigting wil dit voorkom asof die kop uit 'n reeks van vier geskakelde koppies bestaan. Die bakenkop, dit wil sê Sekgopo, is egter 'n siënetintrusie van die granietgneis van die omgewing. Die gangkoppies daarnaas, dit wil sê die afwisselende koppies en nekke is gevorm deur die selektiewe erosie van siënet en doleriet (Brandt 1948: 121).

Die grootste van die vier koppies is Sekgopo (Shikumbu). Een van die oorblywende drie kleiner koppies is **Sekgopo badimong**, dit wil sê die plek waar voorvaderaanbidning plaasgevind het (J. Malatji, pers. mededeling). Sekgopo het 'n noordelikgeleë siënetkern waarteen 'n prominente rots- en puinhelling aan die oostekant gevorm is, en waarop die grootste aantal terrasse van die terrein aangelê is. Die sagter helling aan die suidoostelike en suidekant van die koppie skep ook geleentheid vir terrasvorming. Van die gelykste en grootste terrasoppervlaktes is dan ook hier aangelê. 'n Aantal smaller en oënskynlik verskillende tipe terrasse is aan die westekant van die koppie geleë. Mikrolitiese werktuie van die laat-steentydperk is talryk aan die noorde- en westekant van die kop waargeneem (Figuur 13).

Volgens Thorne (1974: 82-89) kom 39 terrasse, vier reduksie-oonde en twee smids-oonde in assosiasie met Sekgopo voor. Die oonde is gebruik vir die reduksie van yster en kom onderskeidelik oos en wes van die kop voor (J.F. Eloff, A. Meyer; pers. mededeling) (Figuur 14). 'n Analise van twee slakmonsters vanaf die oostekant van die kop bevestig dié ysterreduksiepraktyke (Tabel 1). Die morfologiese

kenmerke van opgegraafde oonde wat gedeeltelik sigbaar was, dui daarop dat dit driehoekige oonde met drie blaaspypopeninge was, dit wil sê YR2-tipe oonde. Die twee smidsoonde wat onderskeidelik oos en wes van die kop geleë is, moes die reduksie-oonde bystaan vir die sekondêre bewerking van die gereduseerde ystererts. Die smidsoonde het tipologies dieselfde kenmerke as die smidsoonde wat op 'n terras van Masorini aangetref is (Van der Merwe 1971; Van der Merwe en Scully 1971; J. F. Eloff en A. Meyer, pers. mededeling) en word in die proefskrif as YS1-tipe oonde beskryf (vgl. Hoofstuk V).

Op die hoogste suidoostelike terrasse van Sekgopo is verspreide stukkies malagiet opgetel. 'n Stuk magnetiet vanaf die kop toon ook nog die teenwoordigheid van malagiet (Foto 14). Dit is duidelik dat die malagiet gemyn is - hetsy by Loolekop of die Old Guide Myn - en nie 'n oppervlaktevonds is nie. Groot hoeveelhede verweerde magnetiet is egter ook aan die oostekant van Sekgopo waargeneem en moes ongetwyfeld op die grondoppervlakte rondom Loolekop ingesamel gewees het.

Vorige navorsers maak geen melding van koperreduksie-oonde of koperbewerking by Sekgopo of Masorini nie. Op een van die terrasse van Masorini is egter wel 'n *lerale* (kopergietstuk) opgetel (Thorne 1974). 'n Kopergietsel soos 'n langwerpige druppel van 3cm lank en  $\pm$  20g in gewig, is ook op die terrasse van Sekgopo opgetel (Foto 14). Hoewel die koperdruppel die resultaat kan wees van hersmelte koper, dui die talle malagietfragmente wat op Sekgopo opgemerk is, eerder op die plaaslike reduksie van malagiet.

Enkele terrasse van Sekgopo, veral die laer oostelike terrasse, toon dik asafsettings agter die ingetuimelde keermure. Ook opvallend van die kop is die voorkoms van talle maalklippe en indrukwekkende hoë gepakte terraskeermure wat meehelp met terrasvorming (Foto 15). Hoewel die voet van die kop nie reg rondom goed verken is nie, is geen aanduidings van enige afsetting (benewens metaalbewerkingsoorblyfsels) rondom die kop opgemerk nie. Die algemene vestigingspatroon en kenmerke van die metaalbewerkingsoorblyfsels - en dan in besonder van ysterbewerkingsaktiwiteite - van die terrein, verskil nie van dié van Masorini en die meerderheid van terreine van die Loole-kompleks nie (Figuur 14).

### 2.3.2.2 Masorini (Pjene)

Die koppie Masorini naby die Phalaborwahek van die NKW langs die pad na die



Letaba-ruskamp is ook as Pjene bekend (J. F. Eloff, en C. J van Vuuren, pers. mededeling). Die koppie is sowat 10 km suid tot suidwes van Sekgopo geleë (Figuur 12). 'n Tweede koppie ook met die naam Pjene, is op die plaas Rhoda (9 KU) argeologies ondersoek (vgl. Hoofstuk VI).

'n Beskrywing van 'n verkenning van die argeologiese oorblyfsels van Masorini en die koppies rondom Masorini word in Thorne (1974: 89-96) verskaf. 'n Gedeelte van die terrein is deur die Departement Argeologie van die Universiteit van Pretoria opgegrawe en gerekonstrueer tot 'n argeologiese terreinmuseum (Eloff 1976 & 1977; Van Vuuren 1976 en Verhoef 1982). Die resultate van die werksaamhede en die argeologiese bevindinge is egter net soos dié van Van der Merwe (1971) en Van der Merwe en Scully (1971) nêrens breedvoerig beskryf nie. Verskeie eksperimentele studies met die reduksie van yster is ook in die gerekonstrueerde ysterreduksie-oonde van Masorini uitgevoer deur dr. U. Küsel en personeel van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria.

Die argeologiese oorblyfsels van Masorini, soos onder andere waarneembaar is in die gerekonstrueerde strukture van die terreinmuseum, bestaan onder andere uit woonhutte, hutte vir smede en bergingshutte vir plantvoedsel wat op terrasse aan die noordwestelike aansig van die kop geleë is (Foto's 16 & 17). Op die terrasse bo die grondoppervlak is smidsoonde soos dié van Sekgopo geleë terwyl ten minste drie ysterreduksie-oonde op die valleivloer aan die noordwestekant van die koppie digby 'n gerekonstrueerde woonterrein voorkom (Figuur 15). Die ysterreduksie-oonde het driehoekige planvorme gehad, dit wil sê was YR2-tipe oonde. Die algemene vestigingspatroon van Masorini stem dus in breë trekke ooreen met dié van Sekgopo.

### 2.3.2.3 Vudogwa

Vudogwa ten suide van Masorini is 'n saalrug-tipe koppie met twee teenoorstaande opvallende kruine. Die koppie is van al die koppies van die Sekgopo-terreinkompleks die naaste, nl. 12 km, vanaf Rakhuma of Loolekop geleë. 'n Aantal terrasse, Thorne (1974: 96) reken dit op sestien, kom aan die suidekant van die koppie voor terwyl ook 'n paar aan die noordekant van die koppie geleë is. Op die saalrug-gedeelte van die kop is 'n sirkelvormige klipskerm met 'n groot aambeeldklip daarbinne (Foto 18). Die klipskerm (of **lekuba**) is waarsynlik gebruik vir die smee van gereduseerde yster aangesien 'n ysterreduksie-oond aan die westelike voet van die koppie aangetref is.

Die mure van die terrasse - veral op die suidelike gedeelte van Vudogwa - is swaar en robuust gebou en is nie die tipiese keermure van die Loole-terreinkompleks waaragter dik afsettings geakkumuleer het nie. Agter dié mure wat tot sowat 0,5m hoog is, kom geen afsettings voor nie. Geen tekens kom dus voor dat die terrasse langdurig gebruik of selfs bewoon was, soos die geval is by Masorini, Sekgopo en ander terreine van die Loole-kompleks nie. Trouens, Van der Merwe (1971) meen dat sommige van die mure wat veral groot ruimtes omvat, as krale vir beste gebruik kon gewees het.

Aan die suidelike voethang van die koppie is 'n opvallende grasbedekking met 'n asserige afsetting en ashoop waargeneem wat oënskynlik die oorblyfsels van 'n woonterrein kan verteenwoordig. 'n Ysterreduksieterrein is ten weste van Vudogwa en noord van die verskynsels opgemerk (Figuur 16). Die ysterreduksieterrein en terrasse op die kop is ongetwyfeld kontemporêr. Dit is egter moontlik dat die suidelik-geleë afsettings van 'n vroeëre periode mag wees soos Nagome 3 en Kgotpolwe 3. Die suidelik-geleë afsetting kan egter ook die woonterreinoorblyfsels verteenwoordig van 'n terrein waar yster aan die westelike voet van die kop bewerk is.

Die westelik-geleë ysterreduksie-oond is aan die voethang van Vudogwa aangelê en wel agter 'n gepakte keermuur wat tussen twee groot natuurlike klippe gebou is ten einde die grondoppervlakte van die terrein te nivelleer. Die bopunt van die oond wat gedeeltelik op die grondoppervlakte sigbaar is, dui op 'n ysterreduksie-oond met 'n driehoekige planvorm en drie blaaspypopeninge, dit wil sê 'n YR2-tipe oond. 'n Chemiese analise van slak rondom die oond dui daarop dat yster in die oond gereduseer is (Tabel 1).

Benewens die ysterreduksieterrein is drie lae gepakte klipsirkels in assosiasie met die reduksieterrein aangetref (Figuur 16). Die sirkels is sowat 2,0m in deursnit, het openinge en bestaan uit een tot twee lae gepakte klip. Die klipsirkel naaste aan die reduksie-oond se oppervlakte is bedek met slak. Gereduseerde yster moes hier "skoongemaak" gewees het deur onsuiwerhede soos slak wat nog deel daarvan was, af te slaan. Verder noord van die ysterreduksie-oond en ook teen die voethang van die koppie is 'n verdere twee klipsirkels opgemerk (Figuur 16).

#### 2.3.2.4 Makwibidung

In die mondelinge oorlewering van die baMalatji word Makwibidung in verskeie weergawes vermeld as hulle eerste of vroegste woonpunt in die Phalaborwa-omgewing. Beskrywings en vertellings dui daarop dat die woonterrein in die Kruger-wildtuin en naby Sekgopo voorgekom het. Hoewel geen informant beskikbaar was wat die terrein kon gaan uitwys nie, mag so 'n persoon wel nog opgespoor word - veral onder die Silwana of Madume van die baPhalaborwa.

In die Krige's (1937a: 336 & 1937b: 358) se weergawes van die oorsprong en vestigingsgeskiedenis van die baPhalaborwa in die Laeveld, word vermeld dat die groep hulle gevestig het digby die samevloeiing van die Letaba- en Olifantsrivier. Geen melding word gemaak van Makwibidung nie, maar wel van 'n meer, Lebatha, vanwaar die groep na Sealeng getrek het (Krige 1937a: 336). Die oorspronklike vestiging het dus digby die samevloeiing van bogenoemde twee riviere plaasgevind vanwaar die baPhalaborwa geleidelik weswaarts sou versprei om die gebied tussen die Olifants- en Letabarivier tot by Gravelotte te beset.

Volgens Du Toit (1967: 4 & 1968: 14-16) se beskrywings van die oorsprong en geskiedenis van die baPhalaborwa, het die groep hulle by Mahubedung, wat ook beteken die "plek van roofdiere" of "rooi plekke", wat tussen die Olifants- en Letabarivier geleë is, gaan vestig. Dit het plaasgevind nadat die groep wat uit Bokgalaka (Zimbabwe) migreer het, hulle eers by die Mapopoloberge in die omgewing van Mapulaneng (Bosbokrand) onder Malatji II gaan vestig het. Vanaf dié oorspronklike suidelike vestigingspunt migreer die groep weer noordwaarts tot by Mahubedung tussen die Olifants- en Letabarivier.

In Scully (1978) se navorsing oor die mondelinge oorlewering van die baPhalaborwa word heelwat verwys na Makwibidung. Die ligging van die terrein word beskryf in verskeie weergawes. Hoewel sommige verskil, is een van die weergawes deur kaptein Brown Malatji aan die skrywer bevestig as die ware ligging van Makwibidung. In 'n vroeëre publikasie deur Scully (Van der Merwe en Scully 1971) oor die geskiedenis van die baPhalaborwa word geen melding gemaak van Makwibidung as die vroegste vestigingspunt van die gemeenskap in die Phalaborwa-omgewing nie. Die vroegste bewoningsterrein word aangedui as Seloolwe - 'n "koppie iewers in die huidige stamgebied" - vanwaar Malatji II sy gesag uitgebrei het om onder andere Loolekop as ertsbron in sy domein in te sluit (op. cit. p.187). Dit is moontlik dat Scully nog nie op die vroeë stadium van sy navorsing oor enige inligting oor Makwibidung

beskik het nie.

In Scully (1978: 132-133) se proefskrif meld hy dat alle weergawes aangaande die baMalatji se vestiging in Phalaborwa, Makwibidung uitsonder as hulle eerste woonterrein waarna vestiging by Sealeng en ander koppieterreine plaasgevind het. Slegs een weergawe meld dat die baMalatji hulle eers by Sealeng gaan vestig het, waarop 'n beweging na Makwibidung en die ander koppies van die omgewing plaasgevind het. Die noue verbintenis wat tussen Meele, 'n meer resente naam in die genealogieë en Makwibidung uitgewys word, gee veral geloofwaardigheid aan die bestaan van laasgenoemde bewoningspunt.

Die vestiging van die baMalatji in Phalaborwa word egter ook in sekere weergawes verbind met 'n koppie, nl. Seloolwe, (vgl. hierbo) wat ook gespel word as Selolwe of Selaolwe en wat onderskei word van Loolekop. Dit is geleë in 'n area of gebied bekend as Makwibidung. So beskryf 'n **mosate**-weergawe die aankoms van die baPhalaborwa as volg:

"The baPhalaborwa people descend from the Mapopolo Mountains near Mapulana and settle at Selolwe Hill in a lion infested area called Makwibidung."

'n Ander manuskrip belig veral die verskil tussen Seloolwe en Loolekop, nl:

"The **kgoshi** and tribe descend into the Lowveld and settle at Selaolwe Hill in Makwibidung of the man-killing lions. The country is explored and a small tribe of Shokans who do not know the use of fire is located a Lolwe Hill. The **kgoshi**, who remains at Selaolwe Hill sends his men...." (Scully 1978: 122 & 124)

Volgens kaptein Brown Malatji is Makwibidung nie 'n koppieterrein nie. Die terrein is geleë aan of digby 'n prominente sloot wat in die Melalanirivier inloop wat weer 'n sytak van die Olifantsrivier vorm. Dié ligging van Makwibidung word ook beskryf in 'n weergawe wat vertel van die oker wat van Makwibidung verkry is. Die oker is onder andere gebruik om die tromme van die baPhalaborwa rooi te kleur en laasgenoemde te gebruik met die inisiasieseremonies. Die benaming "rooi plekke" waarna Du Toit (1968: 16) verwys wanneer hy van Mahubedung praat, wys heen na die oker wat van die plek verkry is. Volgens Scully (1978: 300) meld oorlewering dat Meele die **letsoku** (oker) van Mashale by Makwibidung ontdek het en dit in die tromkultus van die baPhalaborwa bekend gestel het:

"Makwibidung is at the other side of Phalaborwa. It is the place called **Tsokung**

**la Mashale.** It is the ruins of Meele of Leshoke. It is just ahead of the river called Melelani, a tributary to the Olifants River. Here Meele picked up letsoko and brought it to the **mashata** and said "I pick up another thing" (i.e. did not know what it was). He said "Oh! It is **letsoko** which is used to smear drums...."

"Makwibidung is just near the bank of the river. Near it there is a stone used for sharpening knives. It was known by the old people. The people of Silwana (i.e. when at Sekgopo Hill near by) used to go there to get **letsoko**."

In 'n ietwat gewysigde weergawe van die baMalatji se vestiging in Phalaborwa deur 'n Mahlongane-Shangana, bevestig hy die ligging van Makwibidung aan die Olifantsrivier, die oorlewering dat oker van die terrein afkomstig is en dat die terrein geassosieer of verbind word met die Mashale:

"The whole group move from Mogologolo, with their spears, down the Lepelle River beyond where it joins the Selati. They stayed at Makhubidung where the vicious lions were ... these lions did not know people and were not afraid to attack. They fought them until they learned to fear man. At Makwibidung they opened a hole (**mokoti**) from which they got **letsoko** (iron oxide). This mine was called Mashale after the man who opened it. They also opened a mine of stones ...." (Scully 1978: 127)

Verskeie van die baPhalaborwa-kapteins word met Makwibidung verbind. Een van die vroegste name in die genealogieë van die baPhalaborwa, nl. Ramokgonwane, word onder andere met dié baPhalaborwa-woonterrein verbind terwyl Kgashane en sy opvolger, Meele - ook verbintnisse met die terrein gehad het. Die noue verbintenis tussen veral Meele - 'n meer resente naam in die genealogie van die baPhalaborwa en Makwibidung - gee soos reeds genoem veral geloofwaardigheid aan die bestaan van laasgenoemde terrein (Scully 1978: 113, 133 en 280).

In een oorlewering word Kgashane beskryf as die eerste Pilusa wat die Phalaborwa-omgewing vanuit die ooste binnegkom het. Hoewel Kgashane duidelik geassosieer word met die Tsonga, is dit onduidelik of die verbintenis bloot 'n bondgenootskap of verwantskap met die groep was. Dit is bekend dat die Pilusa metaalbewerkers, mynbouers en reënmakers was en woonagtig was by die "plek met die rooi oksied" (oker). Dit kan dus Makwibidung wat ook met die Mashale verbind word, verteenwoordig. Die Pilusa word gekarakteriseer as dieselfde mense as die Mashale, hetsy

weens ondertrouery tussen die twee groepe, of weens 'n gemeenskaplike afkoms (Scully 1978: 276-277).

Weens Kgashane se skakel met die Pilusa en Mashale woon hy dus aanvanklik by Makwibidung. Na die dood van Mosholwane verlaat Meele, Kgashane se opvolger, Kgopolwe en vestig hom by Makwibidung van die Mashale en Pilusa. Hy is dus in die oostelike dele van Phalaborwa gevestig - moontlik met sy moeder se verwante - maar behou bande met Kgopolwe, sy vorige woonplek en moontlik ook dié van sy patrilinie. Meele se regeringstyd (ca 1800) mag dus 'n unifikasie verteenwoordig van twee gebiede, nl. die oostelike Makwibidung-Selongwe gebied en die westelike Kgopolwe-Sealeng- gebied van Phalaborwa (Scully 1978: 283-284).

Meele word waarskynlik meer as enige ander baPhalaborwa-kaptein met Makwibidung verbind. Hy ontdek die oker by Makwibidung en stel die gebruik daarvan bekend in die tromkultus van die baPhalaborwa. (Oker is ook gebruik in inisiasie en reënseremonies). Die slypsteen (ook genoem **Selontsho**) by Makwibidung mag verder ook sinspeel op metaalbewerking sowel as manlike besnydenis- of inisiasieseremonies. Ook mag die slypsteen die krag van wapens verteenwoordig "and reflect Meele's importance as the agent of this strength - the one who makes the spears sharp." (Scully 1978: 300-301). Die besondere verhouding tussen Meele en Makwibidung word ook in die volgende **sereto** weergegee:

"Makwibidung ga Meele.

Meele of Shokwe, of Sealene of Mmamokhuma of Malatji.

The **phuti** that sleeps at midday in the shade.

I am the **noko**.

We are from Mokhuwe (i.e. Makwibidung).

We are from the small hill Leolo.

Phalaborwa of Malatji." (Scully 1978: 290)

### 3. Die Ga-Mašišimale-terreinkompleks

#### 3.1 Algemeen

Die Ga-Mašišimale-terreinkompleks verwys na die kompleks van terreine wat rondom die Ga-Mašišimale-heuwels as verwysingspunt geleë is. Die heuwelreeks met prominente historiese landmerke of koppies en terreine soos Marakapula, Thsubyê, Sefateng sa diphiri, ens., was die oorspronklike woonsentrum van die

baSai wat vandag in die "moderne" Masisimale-woonbuurt neffens Phalaborwa saam met die Masêkê-Malatji woonagtig is (Figuur 8).

Die granitiese Ga-Masisimale-heuwelreeks is sowat 30 km vanaf Loolekop geleë. Die kern van die terreinkompleks is dus twee maal so ver vanaf Loolekop geleë as Masorini en Sekgopo van die Sekgopo-terreinkompleks. Die terreine van die kompleks is oorwegend geleë in 'n betreklike reguit strook van wes na oos tussen  $24^{\circ}02' - 24^{\circ}06'O$  en  $30^{\circ}48' - 31^{\circ}05'S$ . Die terrein is by uitstek geleë op die plase Lillie (148 KT), Transport (145 KT), Hope (149 KT), Square (150 KT) en Grietjie (6 KU) (vgl. die 1:50 000 topografiese kaart van Mica 243OBB) (Figuur 11). Die gebied is egter net soos die verspreidingsgebied van die Sekgopo-terreinkompleks in die NKW nog nie intensief verken nie, sodat veral die omvang, maar ook die kenmerkende aard van die terreine van die kompleks, nog nie goed bekend is nie.

Die graniete van die Ga-Masisimale-heuwels wat hoofsaaklik geleë is op die plase Lillie (148 KT) en Hope (149 KT), is naas die Murchison-reeks die hoogste aaneenlopende heuwelreeks in dié deel van die Laeveld tussen die Selati- en Olifantsrivier. Die kruin van die heuwels is hoër as 350m bo die granietgneis van die omgewing. Dié reeks granietskoppies en -riwwe se hange is oortrek met groot ronde siënirotse. Kolluvium soos by koppies van die Loole-terreinkompleks is afwesig. Minder natuurlike ruimtes en vlakke is dus op die granietskoppies beskikbaar vir die aanlê van terrasse en die bou van lae keermuurtjies vir hierdie terrasse. Die getande aard van die heuwels se kruine is veroorsaak deur die selektiewe verwerking van dolerietgange en fynkorrelrige dakgraniet. Die voethange van die heuwels en hellings word gekenmerk deur 'n growwe porfiritiese graniet (Hall 1912: 22 & Brandt 1984: 100 en Figuur 2) (Figuur 11).

Die landskaptipe wat die gebied kenmerk, strek vanuit die NKW in die ooste tot by Mica in die suidweste. Dit is 'n grond-rots kompleks wat in die ooste kenmerke van Gertenbach (1983:37) se Olifantsrivier-hardeveld bevat (Figuur 7). In die gebied is die landskap sterk golwend met steil hellings en met min kransagtige siënietskoppies van die Palabora Stollingskompleks. 'n Terreinvormsketskaart van die gebied toon vier terreineenhede met kruine en middelhange as die prominentste terreineenhede van die pedosisteam (Figuur 40). Dit kan dus verwag word dat min bewoonde koppieterreine in die gebied sal voorkom. Omdat voethange en valleivloere swakker verteenwoordig is, mag terreine tussen koppies op die golwende en steil hellings van die landskap ook gering in omvang wees.

Die gebied word geologies onderlê deur metamorfe gesteentes soos amfioliet, serpentieniet, kwartskis, kwartsiet en ander gesteentes van Swazium-ouderdom. Die teenwoordigheid van serpentieniet en kwartskis verklaar die teenwoordigheid van terreine soos Ntšabadi op die plaas Rhoda (9 KU) waar talkskisbakke vervaardig is. Soortgelyke vervaardigingspraktyke waar kwartskis en serpentieniet gebruik is om bakke te vervaardig, het ook verder oos, onder andere op die plaas Sheila (10KU) voorgekom (L. Verhoef, pers. mededeling).

Die veldlaag van die gebied is skraal weens die steil hellings en vlak klipperige gronde wat die gebied kenmerk. Kenmerkende bome is **Combretum apiculatum**, **Colophospermum mopane**, **Commiphora mollis** en ander soorte.

In die weste word die Ga-Masišimale-terreinkompleks se landtipe op veral die plase Lillie (148 KT) en Hope 149 KT) se terreinvormsketskaart gekenmerk deur voethange en middelhange as die belangrikste kenmerke (Figuur 40). Benewens die Ga-Masišimale- en ander kleiner heuwelreekse, word die gebied oorheers deur kleiner koppies en granietuitstulplings. Die koppies en heuwels is oortrek met groot ronde granjetrotse. Die grond-rots kompleks bestaan hoofsaaklik uit graniete en dolerietgange. Rondom die plaas Square (150 KT) wat noord van Lillie (148 KU) geleë is en wat 'n uitgebreide ysterreduksieterrein bevat, domineer boomsoorte soos **Copaifera mopane**, **Combretum apiculatum** en **Acacia nigrescens** in brakke-ringe kolle. Die laerliggende dele, veral waar dreineringskanale voorkom, is bedek met groter bome soos **Schlerocarya caffra**, **Combretum imberbe** en **Terminalia sericea** (Codd in Van der Merwe en Killick 1979: 86).

### 3.2 Vroeëre navorsing

Met die uitsondering van vroeëre verwysings na die indrukwekkende ysterreduksieterrein wat op die plaas Square (150 KT) voorkom (Moore 1966; 1974; Van der Merwe 1971; Van der Merwe & Scully 1971; Thorne 1974 en Scully 1978) en 'n latere deeglike ondersoek van erts en slak van die terrein (Van der Merwe & Killick 1979), is geen verdere navorsing op die argeologiese oorblyfsels in die omgewing van die oorspronklike Ga-Masišimale-terreinkompleks uitgevoer nie. Die resultate van dié navorsing word hieronder bespreek (vgl. 3.3.2.5).

Die geskiedenis en oorsprong van die bašai wat die gebied skynbaar in die eerste helfte van die negentiende eeu beset het, is beskryf deur Krige (1937a), Van Warmelo (1944) en Scully (1978) en word vervolgens bespreek.



### 3.3 Ethohistoriese agtergrond en argeologiese bevindinge

#### 3.3.1 Historiese agtergrond

Die baSai (Ba ha Sai), BaTubatse of (Bathsubyê) woon vandag saam met die Masêkê-Malatji in laasgenoemde se woongebied waar die stam in 1922 gevestig is. Die gemeenskap word egter oorwegend verbind met die ystertydperkwoonblyfsels van die Ga-Masisimale-terreinkompleks wat veral op die plase Lillie (149 KT), Square (150 KT) en Hope (149 KT) voorkom.

Die baSai is afkomstig vanaf Tubatse naby Steelpoort waar hulle onder hulle eerste kaptein, Masie woonagtig was. Die tweede kaptein, Khokontone het ook by Tubatse regeer en gesterf. Dit was eers onder Masisimale, die derde kaptein, dat die baSai uit die Steelpoort-gebied en oor die Drakensberge getrek het om hulle by Tsubyê op die plaas Lillie (149 KT) en by Maakeni (Moakeni) te vestig (Krige 1937a: 338 en Van Warmelo 1944: 40-50).

Gedurende Masisimale se regeringstyd het die Makhêma of baKgema - invalle deur kannibale - plaasgevind wat hulle onder andere op die plaas Turkey gevestig het. Vanaf Turkey het hulle opgetree en mense gevang wat daarna opgeëet is. Dit was ook gedurende Masisimale se regeringstyd dat die Swazi-invalle op die Mapulana se vesting, Ga Maholoholo op Mariepskop (ca 1860-70), en in die Phalaborwa-omgewing plaasgevind het (Van Warmelo 1944: 50).

Masisimale se opvolger, Lethamaha is voor hom oorlede sodat hy deur Mabine opgevolg is wat in 1899 op Moakeni oorlede is. In dié tydperk het die stam weens die droogte taamlik verspreid gewoon. Mabine is op sy beurt opgevolg deur Leswene wat die stam weggelei het na die Mohote, 'n rivier op die wesgrens van Lekkersmaak (209). In 1922 word die stam hervestig in hulle huidige woongebied digby die Selatirivier (Van Warmelo 1944: 50-51) (Figuur 8).

'n Oorlewering meld dat die baSai van Ndebele-afkoms is (Van Warmelo 1944: 50). Dit word egter deur laasgenoemde verwerp hoewel baSai-vroue rokke soos die Zoeloe sou gedra het. Die baSai het totaal ver-Sotho en hulle grootste affiniteit lê by die Sotho-stamme noord van die Olifantsrivier eerder as by die baPedi. Verskeie baSai-groepe is vandag versprei onder die baLobedu, Mahlo, Thabina en andere. Hoewel die baSai sterk onder invloed van die baPhalaborwa verkeer

het, het hulle hul soewereiniteit teen 1840 van laasgenoemde verkry nadat die grense tussen die groepe bepaal is. Nogtans is daar weinig kenmerke wat hulle van die baPhalaborwa onderskei (Krige 1937a: 338-339).

Volgens Scully (1978: 335) val die vestiging van die baSai by Tsubyê saam met die regeringstyd van Makekele. Die baSai was dus reeds vanaf ca 1800 onder die beskerming van Makekele en onder die gesag van een van sy hoofmanne, Mabayila, wat oor 'n gebied in die omgewing van Mica die bevel gevoer het (Du Toit 1968: 22). Die vestiging van die baSai in die baPhalaborwa se woongebied was met die uitsondering van 'n enkele ontmoeting - waarskynlik die eerste - vreedsaam. Dit wil trouens voorkom asof verskeie groepe baSai hulle in Phalaborwa kom vestig het en dat een groep selfs so vroeg as in die tydvak van Kgashane gearriveer het, dit wil sê in die laat agtiende eeu (op. cit. p.336).

Volgens Scully (1978: 336) het die baSai wel 'n kulturele invloed op die baPhalaborwa uitgeoefen met betrekking tot aspekte soos liggaamsversiering en nuwe vorme van towery (**bongaka**). Veral die Sai-**ngaka**, Tlakisi word onthou vir sy invloed op Makekele:

"The Shai were welcomed by Phalaborwa and given land. They were the **dingaka**. The Shai got their **bongaka** from the Moseamedi (a **tlou** group). The ability was to hunt and keep lions away. The Shai had a very big **ngaka** (i.e. powerful) called Tlakisi who helped the baPhalaborwa. Tlakisi was **ngaka** of the Malatji **badika** (male initiation lodge). He was a rain maker and also knew the medicines to protect against wild animals and insure a successful hunt." (Scully 1978: 337)

Tlakisi se invloed op Makekele en die baPhalaborwa het dus onder andere voortgespruit uit sy magiese praktyke wat allernoodsaaklik was vir die jag van olifante vir ivoor. Veral teen die helfte van die negentiende eeu het ivoorjag 'n dramatiese afname begin ondergaan en kon Tlakisi ten dele met sy sogenaamde magiese vermoëns kompenseer vir die agteruitgang wat dié faset van die baPhalaborwa-ekonomie begin ondervind het. Die uiteindelijke afname in ivoorhandel na 1850 toe ook die Magwamba-Shangana in die Phalaborwa-omgewing begin jag het, sou saam met die geleidelike ondermyning van Makekele se gesag ook daartoe lei dat Tlakisi die gebied in die tweede helfte van die negentiende eeu sou verlaat het (op. cit. p.337-338).

### 3.3.2 Argeologiese waarnemings en bevindinge van terreine

Weens die feit dat die Ga-Masisimale-terreinkompleks nie ten volle ondersoek is nie, is die omvang en presiese verspreidingspatroon van terreine van die kompleks onduidelik. Die kern van die terreinkompleks is egter volgens historiese oorlewering tussen die Ga-Masisimale-heuwels op die plaas Lillie (148 KT) geleë. Die heuwelreeks het bekende historiese koppiename soos Marakapula, Badimong, Moakeni, ens., wat vandag nog aan die baSai bekend is. Terreine van die kompleks kom dan verder verspreid voor tussen die kleiner heuwelreekse en geïsoleerde granietskoppies en -knoetse van aangrensende plase soos Transport (145 KT), Archie (156 KT), Square (150 KT), Hope (149 KT), Try (153 KT) en Grietjie (6 KU) (Figuur 11). Dit is dus duidelik maar ook bekend dat argeologiese oorblyfsels feitlik op al die plase tussen Lillie (148 KT) en Loole (31 LU) noordooswaarts voorkom, dit wil sê oor 'n gebied van tientalle vierkante kilometer. Dit is egter onduidelik hoe die voorkoms en verspreiding van terreine suid van die Ga-Masisimale-heuwelreeks daar sou uitsien.

Die verkenning van die Ga-Masisimale-terreinkompleks is uiters moeisaam en omslagtig. Die heuwelagtigheid van plase soos Lillie (148 KT) en in 'n mindere mate ook Transport (145 KT) en Hope (149 KT), skep 'n groot hoeveelheid ruimtes en oppervlaktes wat tussen die heuwels, koppies en granietsknoetse voorkom waar woon-en reduksieterreine aangelê kon word. Terreine of terreinkomponente is dan ook op die eenaardigste en onvoorspelbaarste plekke aangetref, nl. teen of feitlik onder die oorhang van groot granietsknoetse of op die gelykte van valleivloere tussen heuwels en op koppies. Veral reduksie-oonde is verskuil langs en halfonder geïsoleerde granietsknoetse of -knoetse aangetref, hoewel enkele geïsoleerde oonde ook op valleivloere aangetref is sonder enige geassosieerde terreine wat verband mag hou met bewoning. Die sigbaarheid van terreine kan uiteraard verder verhinder word deurdat verskeie oonde of woonterreine reeds weggespoel of toegespoel kan wees.

Die tydrowendheid van die opsporing van terreine en die grootte van die gebied het daartoe gelei dat slegs 'n gedeelte van die plaas Lillie (148 KT) en Transport (145 KT) verken is, asook die terreine op die plaas Square (150 KT) en die koppie-reeks Maremosa op die plaas Paul (7 KU).

Die bewaringstoestande op die plaas Lillie (148 KT) in besonder is swak. Die sandrige grond van die gebied is nie net 'n onstabiele bewaringsmilieu vir argeologiese

reste nie, maar is oortrek met spoelslote wat ongetwyfeld reeds verskeie oonde en terreine uit die verlede weggee het. Dit is duidelik dat die Ga-Masisimale-heuwelreeks, en in besonder Marakapula, optree as 'n prominente opvanggebied van reënwater weens die algemene hoër ligging van die heuwels bo die omliggende omgewing. Die reënwater word dan van die heuwels in verskeie spoelslote oor die valleivloere na die laerliggende omgewing weggevoer. Dié opvangvermoë van Marakapula is waarskynlik reeds meer as 'n honderd-en-vyftig jaar gelede besef, vandaar dat dié naam aan die heuwel gegee is (**pula** is reën). Gedurende die reënseisoen, of selfs met harde vinnige stortbuie, kan drinkwater op bekende afvoerplekke geskep word. 'n Reserwe watervoorraad kon ook op of in natuurlike plekke opgedam word, bv. die granietsknoets met die naam **lekopene la mushawe** bevat 'n natuurlike holte waarin skynbaar altyd water beskikbaar is (Figuur 18). Die droë spoelslote wat 'n uitgebreide dreineringsstelsel rondom die Ga-Masisimale-heuwels verteenwoordig, mag ook die nalatenskap wees van 'n meer waterryke omgewing wat kenmerkend van die gebied van die verlede was.

Die koppies en heuwels van die omgewing het bekende historiese name wat nog aan die baSai bekend is. 'n Aantal van die name is ingesamel met die hulp van drie baSai-informante, nl. Rufus Malesa, Filemon Šai en Maji Šai. Die bekendste koppies is Marakapula, Badimong en Moakeni. Die woongebied van die baSai wat onder andere deur dié en ander koppies en heuwels van die gebied in beslag geneem word, is bekend as Tsubyê. Bekende koppies en historiese plekke langs die Grave-lotte-Mica teerpad word neffens die plase Lillie (148 KT) en Transport (145 KT) op 'n vryhandskets aangedui (Figuur 17).

### 3.3.2.1 Die argeologiese oorblyfsels van Lillie (148 KT)

Die meerderheid argeologiese oorblyfsels wat op Lillie (148 KT) waargeneem is, kom voor in assosiasie met die koppies Marakapula, Moakeni en Badimong (Figuur 19). Die opvallendste kenmerk van die terreinkomponente is die herhaaldelike geïsoleerde voorkoms van ysterreduksie-oonde. Alle slakke van reduksieterreine wat ontleed is, dui op die reduksie van yster in die Ga-Masisimale-terreinkompleks (Tabel 1). Geen aanduidings van die reduksie van malagiet of ander kopererts is op enige terrein van die kompleks waargeneem nie.

Geen direkte geografiese assosieerbare woon- en reduksie-oorblyfsels is op Lillie (148 KT) opgemerk nie. Trouens, woonoorblyfsels en reduksie-oonde of -terreine is opmerklik geskei. In die meerderheid gevalle kan reduksieterreine nie met

spesifieke nabygeleë woonoorblyfsels verbind word nie. Met die uitsondering van twee groter reduksieterreine wat betreklik groot hoeveelhede slak bevat, toon verskeie ander reduksieterreine - veral dié met 'n enkele oond - aanduidings van kortstondige gebruik. Soos reeds genoem, is bewaringstoestande in die sanderige grond rondom die Mas̄isimale-heuwels ongunstig sodat oorblyfsels in sommige gevalle vernietig kan wees. Indien die baŠai, wat na bewering 'n Ndebele-oorsprong kan hê (Krige 1937a: 338-339; Van Warmelo 1944: 50 en Scully 1978: 336) koepelvormige tak-en-gras hutte soos die tydgenootlike Suid-Ndebele van die Hoëveld (Van Vuuren 1984) opgerig het, onder andere ook weens die skaarsheid van miershoopklei op die sanderige gronde, sou geen oorblyfsels - benewens moontlike fondamentklippe - daarvan oorgebly het nie.

Die waarnemings wat van die oonde gemaak is, sluit nie die opmeting en detailondersoek daarvan in nie. Die praktiese probleme, konsekwensies en etiek verbonde aan die blootlegging van oonde, is bespreek in Hoofstuk IV. Die beskrywing en veral vergelyking van die oonde berus dus op die mate waartoe die oorblyfsels bewaar en sigbaar gebly het ten einde waarneming en vergelyking moontlik te maak. Die waarnemings wat gemaak is, is die volgende (Figuur 18):

1. 'n Driehoekige-tipe of YR2-oond wat geïsoleerd tussen granietrotse voorkom.
2. Oorblyfsels van 'n oond teenaan 'n groot granietrots. Die morfologiese kenmerke daarvan is onbekend. Geen analyses van bogenoemde oonde se slak is gedoen nie, maar dit wil voorkom asof beide ysterreduksie-oonde is.
3. 'n Ysterreduksieterrein wat 15m in deursnit is en 'n ronde tot ovaalvormige planvorm het. Die terrein is bedek met 'n aaneenlopende sand- en slaklaag waarin geen oond sigbaar is nie (Foto 21).
4. Die oorblyfsels van 'n moontlike woonterrein wat met bogenoemde reduksieterrein verbind kan word. Twee kolle hutpuin asook potskerwe is waargeneem. Die terrein is reeds gedeeltelik verspoel en lê direk aan die suidelike voet van Marakapula.
5. 'n Droë spoelsloot waar 'n aantal stukke verweerde magnetiet opgetel is.
6. 'n Driehoekige of YR2-tipe ysterreduksie-oond wat in isolasie voorkom (Foto

22).

7. 'n Ysterreduksieterrein met die oorblyfsels van ten minste twee oonde (Foto 23). Die oonde kom net soos bogenoemde (no. 6) en ondergenoemde (no. 8) in isolasie voor.
8. Twee driehoekige of YR2-ysterreduksie-oonde onderskeidelik langs en onder die oorhang van 'n groot granietrots (Foto 24). Al die slak wat van bogenoemde drie terreine (no's 6-8) geanaliseer is, toon dat dit gebruik was vir die reduksie van magnetiet (Tabel 1).
9. 'n Gebied tussen die koppies Marakapula, Moakeni en Badimong bevat die oënskynlike gemengde voorkoms van hutpuin, slak, potskerwe en stukke van reduksie-oonde. Die terrein is plek-plek verspoel en nie duidelik interpreteerbaar nie.
10. 'n Terrein met klipmuurtjies en ander verskynsels op 'n granietkoppie (Figuur 19).

#### 3.3.2.2 Die koppieterrein op Lillie (148 KT)

'n Terrein op 'n langwerpige koppie suid van Marakapula en Moakeni waar ook reduksie-oonde 1 en 2 voorkom, is in die omgewing van bogenoemde verskynsels aangetref (Figure 18 & 19). Die terrein is uitgelê oor die oppervlakte van die grantietkoppie wat noord na suid georiënteer is. Dit is moontlik dat daar 'n verband tussen dié terrein, wat primêr vir bewoning gebruik moes gewees het, en ysterreduksie-oonde 1 en 2 bestaan het weens die nabye of gunstige geografiese ligging en oriëntasie van die terreineenhede ten opsigte van mekaar.

Die koppies se bokant vorm terras-tipe platvorms of ruimtes wat deur lae klipmuurtjies of natuurlike geografiese hindernisse van mekaar geskei word (Figuur 19). Min getuienis wat daarop dui dat die koppie bewoon was, kom voor. Dit is egter duidelik dat enige aard van bewoning kortstondig en waarskynlik ook laat in die negentiende of selfs vroeë twintigste eeu was. Die belangrikste en opvallendste verskynsels wat in assosiasie met die terrein waargeneem is, is die volgende (Figuur 19):

1. 'n Stapel klippe in 'n sirkelvorm met 'n deursnit van  $\pm 1,5\text{m}$ . Dit lyk soos die

fondamentklippe van 'n hut aangesien ook potskerwe en 'n halwe pot daarin aangetref is.

2.&3. Twee hopies versamelde magnetieterts.

4. 'n Terras waar (gedomestiseerde?) plantvoedsel deur maalbedrywighede verwerk is. Die terras bevat 'n maalklip met 'n maler binne-in. 'n Verdere vyf malers kom verspreid rondom die maalklip voor. Op die terras is ook 'n bewerkte houtpaal aangetref wat op die resente aard van die terrein dui.

5. Aan die noordelike punt van die terrein kom 'n gestapelde klipmuur voor waarvan die ingang of toegang met behulp van houtpale gemaak is. Op dié laaste terras kom weer eens 'n maalklip en twee malers voor.

'n Aantal potskerwe met versieringsmotiewe wat op die koppie opgetel is, toon dieselfde kenmerkende motiewe wat op potwerk van die Loole-terreinkompleks voorkom.

### 3.3.2.3 Die terrein Sefateng sa diphiri op Transport (145 KT)

Die laaste histories-bekende terrein van die bašai is besoek saam met 'n informant, nl. Filemon šai wat in dié mosate van kaptein Mašišimale gebore is. Die terrein is ook bekend as Sefateng sa diphiri, dit wil sê die plek waar die wolf (hiëna) altyd verby beweeg. Dié voorlaaste woonterrein van die bašai is geleë tussen die koppies Mphafole en Ramilamêla op die plaas Transport (145 KT) (Figuur 20). Die terrein is teen 1923 ontruim waarna die bašai na hulle huidige woongebied, Mašišimale wat ten weste van Phalaborwa geleë is, verskuif is (Figuur 7).

By dié voorlaaste woonterrein van die bašai is die woonplek van Mašišimale asook die plek waar landerye aangelê was aan die skrywer uitgewys. Die prominentste koppies rondom die terrein is die gemelde Mphafole en Ramilamêla. Noordoos van die terrein is die koppies Moidimule en Raleabekwa. Die rivier Sidiong is standhoudend en het gedien as waterbron. Verder oos en noord het die koppies **Thabana tsa motswapo** (die koppies van Motswapo) as weiplek vir beeste gedien. Die omgewing word ook goed onthou vir die baie leeus wat hier voorgekom het (Figuur 20).

Die terrein toon geen metaalbewerkingsoorblyfsels nie. Die praktyke is ook onbe-

kend aan Filemon Sai sodat dit duidelik is dat die terrein bewoon is in die tydperk nadat grootskaalse metaalbewerking deur ystertydperkgemeenskappe gestaak is.

#### 3.3.2.4 Maremosa op Paul (77 KU)

Die koppie- of heuwelreeks bekend as Maremosa op die plaas Paul (7 KU) is vlugtig verken. Aan die noordelike voet van die grootste koppie van die reeks is 'n aantal terrasse wat met lae keermure gebou is, aangetref. Die terrasse bevat ashope en metaalbewerkingsoorblyfsels. Geen verdere ondersoek na dié oorblyfsels is egter ingestel nie.

#### 3.3.2.5 Square (150 KT)

Soos reeds genoem, het dié terrein die aandag van verskeie navorsers in die verlede geniet. Moore (1966; 1974) het aanvanklik die terrein bekend gestel terwyl ook algemene beskrywings daarvan later aangebied is (Thorne 1974 & Scully 1978).

Die terrein op die plaas Square (150 KT) bestaan uit twee terreineenhede of komponente, nl. 'n aantal terrasse wat gebruik was vir bewoning en 'n ysterreduksieterrein met sewe oonde wat almal ronde planvorms het met drie vertikale blaaspypopeninge, dit wil sê YR1-ysterreduksie-oonde (Figuur 21). Die terrein en veral oonde was veel meer vervalte met die skrywer se besoek in 1986 as wat die geval was gedurende die navorsing wat Van der Merwe sowat tien jaar gelede op die terrein uitgevoer het (Van der Merwe & Killick 1979).

Bogenoemde navorsers het die slak en erts van die terrein aan chemiese ondersoek onderwerp ten einde te bepaal vanwaar die magnetieterts wat in die ysterreduksie-oonde gereduseer is, afkomstig is, nl. uit die karbonatiet van die Palabora Stollingskompleks (dit wil sê vanaf Loolekop) of vanuit die magnetiet-ilmenietlae van die Rooiwater Stollingskompleks. Stollingskomplekse met hulle magnetiethoudende moedergesteentes is onderskeidelik noordoos en noordwes van die Square-terrein geleë en wel sowat 20 km vanaf laasgenoemde. Tweedens was die navorsers se ondersoek van die slak vanaf die Square-terrein ook gemik op die rekonstruksie van die reduksieprosesse wat in die oonde sou plaasgevind het (Van der Merwe & Killick 1979).

Deur die chemiese analise en vergelyking van slakmonsters vanaf die Square-terrein,



vanaf terreine uit die Loole-terreinkompleks en vanaf Leydsdorp, is aangetoon dat die magnetiet wat by die Square-terrein gereduseer is, afkomstig is vanaf Loolekop weens die laer titaanhoud van die slak (Tabel 2). Die magnetiet is dus rondom Loolekop versamel en oor 'n afstand van 20 km en verder na die Square-terrein en waarskynlik ook ander terreine van die Ga-Mašišimale-terreinkompleks aangedra.

'n Vergelyking van die Fe:Ti- en Ti:Ca-verhoudings in bogenoemde slak, toon ook die noue ooreenkoms in dié samestelling van die slak vanaf die Square-terrein. Die verhoudings in en tussen die Square-slakmonsters verskil duidelik van die Leydsdorpslak terwyl dit ook buite die verspreidingswydte van die Loole-terreinkompleks se slak se Fe:Ti- en Ti:Ca-verhoudings val (Tabel 3). Die eenvormige samestelling van die Square-slak mag daarop dui dat die erts by 'n beperkte punt of bron by Loolekop verkry is teenoor bv. die slak vanuit die Loole-terreinkompleks wat meer lukraak ingesamel is. So 'n verwikkeling mag saamhang met die feit dat die baSai as betreklike nuwe intrekkers in Phalaborwa, 'n beperkte en beheerde toegang tot die magnetiet van Loolekop gehad het (Van der Merwe & Killick 1979).

#### 4. Samevatting

In die navorsingsgebied is dus drie terreinkomplekse onderskei, nl. die Loole-terreinkompleks rondom die oorspronklike Loolekop en wat in der waarheid die studieonderwerp van die proefskrif is, asook die Sekgopo- en Ga-Mašišimale-terreinkomplekse. Laasgenoemde terreinkomplekse kom onderskeidelik noordoos in die NKW en suid van die Loole-terreinkompleks en die Selatirivier voor. Die skeiding van die komplekse is primêr geografies en dus ten dele kunsmatig omdat daar wel historiese en kulturele bande tussen die gemeenskappe van veral die Loole- en Sekgopo-terreinkomplekse bestaan het.

Vroeëre navorsing in die Sekgopo- en Ga-Mašišimale-terreinkomplekse was met die uitsondering van opgrawings by onderskeidelik Sekgopo en Pjene by die eersgenoemde en die Square-terrein by laasgenoemde, van die mees uitgebreide navorsing wat tot op hede in die gebiede uitgevoer is. Die ysterreduksie- en smidoorblyfsels van Pjene en Sekgopo stem skynbaar ooreen met soortgelyke oorblyfsels wat by terreine soos Sebatini, Serotwe en Shankare in die Loole-terreinkompleks aangetref is. Die analise van slak en erts vanaf die Square-terrein en terreine van die Loole-terreinkompleks, dui weer daarop dat magnetieterts vanaf Loolekop na die Ga-Mašišimale-terreinkompleks aangedra is. Hoewel geen analise van die magnetiet

wat by Sekgopo opgemerk is, onderneem is nie, bestaan daar weinig twyfel dat ook die erts - net soos die malagiet wat bo-op die kop opgetel is - vanaf Loolekop na die Sekgopo-terreinkompleks aangedra is.

In der waarheid bestaan daar nie ooglopende verskille tussen die argeologiese oorblyfsels van terreine soos Sekgopo en Pjene en die terreine van die Loole-terreinkompleks nie. 'n Terrein soos Vudogwa met hoë vrystaande klipmure op die kop (soos beeskrale), 'n gelykstaande reduksie-oond agter 'n keermuur en in assosiasie met klipsirkels, mag 'n veranderde kulturele patroon voorspel wat meer opvallend in die oostelike dele van die NKW mag word. Die geïsoleerde voorkoms van yster-reduksie-oonde weg van (maklik waarneembare of weggespoelde) woonoorblyfsels wat in laasgenoemde geval glad nie met siënietskoppies geassosieer word nie, suggereer 'n veranderde vestigingspatroon in die Ga-Masisimale-terreinkompleks. Die verandering is onder andere te wyte aan omgewingsverskille aangesien daar wel ooreenkomste in die potwerk en oonde van die gebied met soortgelyke oorblyfsels van die Loole-terreinkompleks voorkom. Hoewel geen melding van koperbewerking by Pjene en Sekgopo in literatuur gemaak word nie, is malagiet en 'n stukkie koper wel op Sekgopo opgetel. Geen aanduiding van koperbewerking is in die Ga-Masisimale-terreinkompleks aangetref nie, hoewel historiese inligting daarop dui dat dit wel in die negentiende eeu hier bedryf was.

Sekgopo figureer prominent en op 'n vroeë tydstip in die mondelinge oorlewering van die baPhalaborwa. Terwyl die koppie Pjene veral met die Mojela verbind word, word Sekgopo met verskeie pre-baMalatji-groepe verbind voordat Majaji, die seun van Makekele, hom by die koppie gevestig het. Die Mojela was 'n vroeë Sotho-groep en waarskynlik baKoni wat vermeng het met verskillende Tsonga- en Nguni-groepe wat veral op die oostelike grensgebied van Phalaborwa voorgekom het.

Oorlewering maak melding van twee groepe baMalatji wat hulle op verskillende tye in twee migrasies by Sealeng en Sekgopo gaan vestig het. Die latere opname van Sekgopo in 'n oostelike invloedssfeer is dus enersyds histories gefundeer, hoewel die teenwoordigheid en invloed van groepe uit die noorde en die ooste soos die Mashale, Hlame (of Selematsela wat as handelaars en vroueverskaffers opgetree het), die Monyaela en later die Magwamba-Shangana (of ivoorhandelaars en -jagters), veel daartoe bygedra het om dié oostelik-georiënteerde affiniteite te bewerkstellig. Sekgopo word ook dikwels verbind met Makwibidung of die "ou plekke", dit wil sê die gebied waar die baMalatji hulle oorspronklik in Phalaborwa kom vestig het.

Die latere voorgeskiedenis van Sekgopo word verbind met Majaji se bewoning van die koppie en die daaropvolgende opvolgingsdispuut tussen sy seuns Madume en Silwana. In die regeringstyd van Makekele (ca 1800-1870) volg onrustige gebeure soos oorloë met die Zoeloe, Swazi en Shangana. Dit is ook die tydperk waarin die eerste kontak met die blankes plaasvind en waartydens die багаSelepe en die Nkwane-metaalbewerke hulle in Phalaborwa kom vestig. In die latere deel van die periode volg toenemende vyandiggesindheid met die Shangana - veral nadat die Magwamba en Albasini begin met die jag van olifante op die oostelike grensgebied van Phalaborwa.

Na die eerste oorlog met Albasini begin Makekele sy beheer en outoriteit oor die baPhalaborwa verloor. Dit val saam met die binnekoms van vervaardigde ysterprodukte en die uitdunning van olifantkuddes wat ivoorhandelaars na die gebied gelok het. Na die dood van Majaji skeur Madume en Silwana die oostelike Sekgopo-groep van die baPhalaborwa verder nadat die twee hulle volgende onderskeidelik by Barnoek aan die Letabarivier en in Mašišimale vestig.

Hoewel die baŠai vandag saam met die Masêkê-Malatji in die Mašišimale-woonbuurt woon, is die gemeenskap volgens oorlewering uit die Steelpoort-gebied afkomstig. Gedurende die regeringstyd van Mašišimale vestig die gemeenskap hulle op die plaas Lillie (149 KT) by Moakeni. Oorlewering wat die baŠai met 'n Ndebele-herkoms verbind, word verwerp. Dit word aanvaar dat hulle grootste verband met die Sotho-stamme noord van die Olifantsrivier eerder as met die baPedi geleë is. Die groep het hulle in die regeringstyd van Makekele (ca 1800) onder een van sy hoofmanne, Mabayila, in die gebied gevestig, hoewel een groep moontlik so vroeg as in die tyd van Kgashane in die area gearriveer het. Vandag het die baŠai totaal ver-Sotho en die baPhalaborwa se kultuur oorgeneem.

Dit is duidelik dat die Sekgopo- en Ga-Mašišimale-terreinkomplekse navorsingswaardige gebiede verteenwoordig wat na verwagting beide kulturele ooreenkomste en verskille met die Loole-terreinkompleks sal oplewer. Hoewel die komplekse geografies ver van mekaar was en die ertsbron by Loolekop geleë is, was die gemeenskappe almal skakels in 'n bestaanspatroon wat verweef was rondom die bewerking van die koper- en ystererts van Loolekop.

## HOOFSTUK IV

### DIE LOOLE-TERREINKOMPLEKS

#### 1. Algemeen

Die primêre navorsingsgebied vir die proefskrif staan bekend as die Loole-terreinkompleks. Die gebied wat nagenoeg 100km<sup>2</sup> beslaan, strek vanaf die plaas Selongue (23 LU) in die noorde tot by die plase Merensky (32 LU), Loole (31 LU), Rhoda (9 KU) en Paul (7 KU) in die suide (vgl. die 1:50 000 topografiese kaart van Phalaborwa, 2331CC). Die navorsingsgebied is ook die kerngebied waar die Palabora Stollingskompleks 2 060 miljoen jaar gelede sy oorsprong gehad het, en waarna die prominente siënietskoppies gedurende sekondêre vulkaniese aktiwiteite in die ouer granietgneis van die omgewing ingeplaas is (Figuur 10).

Die valleivloere tussen die koppies, geskikte jagvelde naby aan die waterbronne, in 'n mindere mate die siënietskoppies, is duisende of dalk net honderde jare gelede benut as woon- en werksterreine deur steentydperkgemeenskappe. Die skamele en dikwels enkele klipwerktuie op die oppervlakte van sommige koppies (behalwe bv. by Pjene waar talle werktuie deur opgraving blootgelê is), dui op die moontlike gebruik daarvan as slaap- en skuilplekke teen roofdiere gedurende die nomadiese bestaan van die gemeenskappe. Die omvangryke teenwoordigheid van steentydperk-industrieë in die navorsingsgebied is ook opmerklik in die talle oopgeskraapte en oopgespoelde doloriet- en kwartsgange, asook by dagsome van dieselfde gesteentes.

Die siënietskoppies in besonder het weer die woon- en metaalbewerkingsterreine geword van ystertydperkgemeenskappe wat hulle 'n paar eeue gelede teenaan en op die koppies gevestig het. 'n Groot deel van dié laat-ystertydperkgemeenskappe is vandag nog histories bekend. Die histories-bekende gemeenskappe is egter voorafgegaan deur vroeëre of "middel"-ystertydperkgemeenskappe wat vanaf ca 900 - 1300 nC digby sekere koppies soos Kgopolwe, Nagome en Shankare woonagtig was (vgl. Hoofstuk VIII: 2.6.2, 4.2.2 en IX: 2.3.2 en Tabel 4).

Enkele stukkies potwerk van koppies soos Marupale en Ghoenkop, asook potskerwe vanaf 'n terrein op die plaas Wegsteek (30 LU), dui egter op die teenwoordigheid van nog vroeëre ystertydperkgemeenskappe in die navorsingsgebied (vgl. VI: 5.4.4 en VII: 5.4.4).

'n Bykans tweeduisend jaar oue ystertydperktradisie mag nog moontlik in Phalaborwa aangetoon word, gesien in die lig van die ouderdom van ystertydperktradisies elders in die Transvaalse Laeveld en Oos-Transvaal met Lydenburg as fokuspunt (Klapwijk 1973; 1974; Evers 1973a & b; 1974a & b; 1975; 1977a & b; 1980 en 1981; Collett 1979, e.a.). Vir die huidige is een van die chronologiese vraagstukke egter die "middel"-ystertydperkgemeenskappe (ca900 - 1300nC) en die latere histories bekende gemeenskappe (ca1600 - 1900nC) van Phalaborwa. Dit is egter duidelik dat 'n onbetwisbare aaneenlopende chronologie van 'n duisend jaar nog nie tussen die "middel"- en laat-ystertydperkgemeenskappe gedemonstreer is nie (vgl. X:3).

Die sentrale karbonatietpyp van die Palabora Stollingskompleks waarvan die bopunt ook die alombekende Loolekop gevorm het, was die belangrikste bron van geoksideerde kopererts en magnetiet vir die gemeenskappe van die Loole-terreinkompleks (vgl. II: 2.4). Dit is ook aangetoon dat magnetiet vanaf Loole gebruik is op 'n terrein (Square 150 KT) van die Ga-Masišimale-terreinkompleks, 20km suidwes van Loolekop (Van der Merwe & Killick 1979). Magnetiet wat by Sekgopo in die NKW opgetel is, toon dieselfde oppervlakteverwering as die magnetiet vanaf Loolekop en is dus waarskynlik ook van laasgenoemde afkomstig.

Die aanvanklike voorkoms van 'n wye en dik verspreide laag of plaat magnetiet en in 'n mindere mate gossan op die grondoppervlakte rondom Loolekop, is volgens geoloë en metallurge die belangrikste ertse wat vir die reduksie van yster gebruik is. Dit is ook aangetoon dat magnetiet as smeltmiddel of katalisator gebruik is in die reduksie van koper (Verwoerd 1956; Van der Merwe 1971; Van der Merwe & Killick 1979 en Van der Merwe 1980). Gemineraliseerde koperafsettings van malagiet en in 'n mindere mate van azuriet, wat tot die suidoostelike dele van Loolekop beperk was, was die primêre koperertse wat gereduseer is, aangesien geen aanduidings van die reduksie van sulfidiese koperertse (chalcopyriet, chalcosiet, ens.) gevind is nie (vgl. ook Verwoerd 1956; Van der Merwe & Killick 1979; en Van der Merwe 1980). Laasgenoemde is ook die mening van plaaslike geoloë en metallurge. Malagiet is dan ook nes magnetiet - maar in veel kleiner hoeveelhede - op verskeie terreine opgetel.

'n Tweede belangrike bron van kopererts was die Old Guide Myn waar ook malagiet in voorhistoriese tye gemyn was en wat vermoedelik by nabygeleë terreine soos Mapotini, Mapatse, Mapatsana, Mading, Phêdule en Maboïen gereduseer is. Feitlik geen inligting is egter bekend van die vroeë mynbedrywighede by die Old Guide

Myn nie.

Mynbou-aktiwiteite waartydens gemeneraliseerde koperertse soos malagiet en azuriet tot meer as 20m diep in Loolekop gemyn is, mag so oud wees as 1 200 jaar. Die werklike ouderdom asook die aard en omvang van die mynbedrywighede wat op Loolekop plaasgevind het, sal egter nooit met sekerheid vasgestel kan word nie. Die enkele besondere vroeë datum (ca700nC) vir mynbedrywighede in die kop, sowel as die gebrekkige hoeveelheid inligting oor die aard en omvang van die mynboutegnologie wat moontlik 'n duisend jaar of langer (aaneenlopend?) by die kop beoefen was, sal dus ongekontroleerd moet bly. Onvolledige en afwesige inligting kan alleen aangevul word met analogieë van vergelykbare mynboutegnologie wat elders in Suid-Afrika of Afrika gedurende die ystertydperk voorgekom het (vgl. III: 3).

Uit die ligging van die drie terreinkomplekse ten opsigte van Loolekop as die primêre ertsbron, is dit duidelik dat terreine van die Loole-terreinkompleks die gunstigste ligging ten opsigte van die bron gehad het. Die Old Guide Myn het ook 'n sentrale en besondere gunstige ligging vir sekere terreine van die terreinkompleks. Die beheer oor en toegang tot die ertsbronne moes waarskynlik sterk in 'n senior groep of verskeie senior gemeenskappe van die Loole-terreinkompleks gesetel gewees het, en dus moontlik veral in daardie groepe wat digby die ertsbron(ne) woonagtig was. So is dit histories bekend dat die baPhalaborwa-kapteinskap die afgelope twee tot drie eeue gesentreer was by koppies soos Sealeng, Kgopolwe, Nagome en in die negentiende eeu vir die Masêkê-Malatji by Serotwe. Hoewel Sealeng en Kgopolwe feitlik ewe ver van die Old Guide Myn geleë is, is dit opvallend dat Sealeng ook veel nader aan die oorspronklike Loolekop geleë is. Die beheer oor dié ertsbronne, metallurgiese praktyke en die uiteindelijke verhandeling van metaalprodukte wat die kulturele lewe van vroeë gemeenskappe soos die Mojela, Mahlongane-Shangana, Monyaela, Pilusa, Nkwane en ander groepe aanvanklik sou konsolideer en verenig, sou waarskynlik ook bydra tot 'n verdeling van die baPhalaborwa in die vroeë negentiende eeu.

In die Loole-terreinkompleks is sowat 50 terreine geïdentifiseer waarvan die meerderheid se historiese name nog bekend is. Die terreine is beskryf en geklassifiseer in groepe volgens hulle kenmerke en funksies soos metaalbewerkings of industriële terreine (yster en/of koper), woon- en metaalbewerkingsterreine (yster en/of koper), ens. Uit die onderskeie groepe is een of meer terreine in geheel of met behulp van toetsopgrawings opgegrawe. Waar enige historiese inligting oor 'n terrein

of sy bewoners bekend was, is dit kortlik beskryf.

## 2. Vroeëre navorsing

Die vroegste navorsing en ondersoeke wat in die Loole-terreinkompleks uitgevoer is, was dié van geoloë wat veral sedert die dertigerjare op soek was na ontginbare minerale. Van die ondersoekers het egter ook inligting oor sekere argeologiese oorblyfsels nagelaat. Een van die vroegste beskrywings was dié van Hall (1912) wat uiters waardevolle inligting oor die vervloë mynbou-aktiwiteite op Loolekop nagelaat het (vgl. 4.3).

In Schwelnus (1937) se beskrywing van die metaalbewerkingsoorblyfsels van die terreinkompleks verskaf hy beskrywings, tekeninge en foto's van twee tipes reduksie-oonde - 'n Tipe 1- en 'n Tipe 2-oond. Die beskrywing en foto van die Tipe 1-oond stem ooreen met die ronde ysterreduksie-oonde met drie vertikale blaaspypopeninge wat algemeen in die Phalaborwa-omgewing voorkom (nl. die YR1-tipe oond, vgl. VI: 4.1.1.1). Schwelnus (1937: 907 - 908) meen egter dat dié oonde gebruik was vir die reduksie van yster en koper. Dié oond is in 1984 deur die skrywer opgegrawe (vgl. die terreinbeskrywing van Serotwe).

Die Tipe 2-oond is sowat 20m noord van 'n klein koppie tussen Nagome en Moloto aangetref. Volgens Max Rüh, een van die vroegste bewoners van Phalaborwa, was dit 'n suiweringsoond. In die dertien jaar wat Rüh op die plase Loole (31 LU) en Wegsteek (30 LU) gebly het, het hy slegs een voorbeeld van die tipe oond opgemerk. 'n Belangrike waarneming wat Schwelnus met betrekking tot die oond maak is dat dit, in teenstelling met die Tipe 2-oonde, alleen en sentraal in die slakhoop voorkom. Hierteenoor kom die Tipe 2-oonde altyd in groepe voor (Schwellnus 1937: 908 - 909). Die beskrywing en foto van die oond stem ooreen met die byekorfvormige koperreduksie-oonde met een blaaspypopening wat by drie terreine opgegrawe is (nl. die KR1-tipe oond, vgl. VI: 4.1.2.1.1). Dit is eienaardig dat Max Rüh nie meer voorbeelde van die oonde opgemerk het nie, hoewel hulle dikwels verskuil en begrawe kon wees, omdat die oonde skynbaar beperk is in 'n gebied noord en suid van die Selatirivier - dit wil sê in die omgewing waar Rüh jare woonagtig was.

'n Soortgelyke oond as Schwelnus se Tipe 2-oond is deur Verwoerd (1956: 95, foto A) waargeneem teen die suidelike hang van een van die klein siënetkoppies suidoos van Loolekop. (Die koppies het reeds 'n geruime tyd gelede onder uitskot verdwyn).

Die oond was - soos kenmerkend van sekere tipes van die oonde - teen 'n oorhangende rots gebou en was feitlik tot teen die rand met grond en slak opgevul.

Van die vroegste en deeglikste argeo-metallurgiese studies is reeds in die vyftigerjare deur Verwoerd (1956) gedoen met sy ondersoek van slak en metale uit die Phalaborwa-omgewing. Sy ondersoek het in dié stadium reeds resultate gelewer wat 20-30 jaar later bevestig is, en waarvoor hy nie erkenning ontvang het nie. Chemiese en metallurgiese ondersoeke bring hom onder andere tot die volgende gevolgtrekkings:

- Die kopererts van die koperbewerkingsbedryf van die omgewing was hoofsaaklik malagiet met 'n klein persentasie chrisocolla, azuriet en ander geoksideerde minerale. Sulfidiese koperertse het geen rol in die reduksieprosesse gespeel nie - gevolgtrekkings waartoe ook later navorsers gekom het (Van der Merwe & Killick 1979 en Van der Merwe 1980). Saam met die kopererts het stukkie magnetiet, apatiet en veral kalksteen in die oonde beland. Kalksteen sou die erts vloeiend maak sodat 'n vloeimiddel nie spesiaal bygevoeg hoef te word nie. Die teenwoordigheid van magnetiet ( $\text{Fe}_3\text{O}_4$ ) in koperslakmonsters is ook later verklaar as smeltmiddels of katalisators wat meegehelp het om die onsuiverhede van die koper te verwyder (Van der Merwe & Scully 1971; Van der Merwe & Killick 1979 en Van der Merwe 1980). Dit mag wees dat magnetiet aanvanklik toevallig in die reduksieproses beland het weens die feit dat beide ertse dikwels saam voorkom in stukke uitgekapte of gemynde malagieterts.
- Die feit dat die eerste van Loolekop gemyn, ontgin en gereduseer is, word bevestig deur die korrelasie tussen ondergeskikte elemente in die gereduseerde produkte (P, Ni, Zr, Pb, Ba, Sr) en die mineralogie van die karbonatiet, bv. apatiet, pentlandiet, baddeleyiet, thorianiet en kalsiet.
- 'n Aparte of afsonderlike ysterreduksiebedryf kon in die gebied voorgekom het deur verweerde magnetiet vanaf die grondoppervlakte op te tel en stukkend te kap met klipgereedskap. Die vermoede is veral versterk deur 'n slakmonster met 'n totale Fe-inhoud van 37,8% en 'n  $\text{TiO}_2$ -inhoud van 9,7%. Die hoë titaaninhoud is alleenlik afkomstig van die ilmeniet-magnetiet wat in die foskoriet om die karbonatiet voorkom (Verwoerd 1956: 102 - 103).

Die belangstelling van veral wyle mnr. C. Moore en ander persone in die argeologiese



oorblyfsels en daarmee saam die etnologie van die gebied, moes grootliks daartoe bygedra het dat ernstige wetenskaplike aandag later aan die argeologie van die gebied verleen is. Die belangstelling van Moore het gelei tot 'n ongepubliseerde verslag oor sy waarnemings (en skynbaar ook "opgrawings") van sekere argeologiese reste en van die etnografie van die baPhalaborwa (Moore 1966). Die enigste ander publikasie van Moore (1974) bevat 'n beskrywing en waardevolle foto's van veral die mynbou-aktiwiteite op Loolekop en ander metaalbewerkingsoorblyfsels, waaronder veral die reduksie-oonde by Shankare, Serotwe (Masêkêkop) en van die Square-terrein. Moore se belangstelling in die etno-argeologie van die gebied, het dan ook gelei tot die opbou van 'n versameling argeologiese en etnografiese voorwerpe wat aan die Potchefstroomse Universiteit se Departement Volkekunde geskenk is.

Met die aanvang van ernstige ystertydperknavoring in die sestigerjare het Mason (1962: 380) reeds gewys op die verband tussen ystertydperkoorblyfsels en die kontemporêre Bantoesprekendes. In dié opsig verwys hy onder andere na Van Warmelo (1940) se beskrywing van die ystertydperkgemeenskappe van Phalaborwa wat gekenmerk word deur:

"Phalaborwa where the hammer is heard, the lowing of cattle is not there, the hammer sounds..." (Van Warmelo in Mason 1962: 380).

Mason (1962: 421) verskaf ook op dié stadium 'n algemene beskrywing van twee tipes oonde uit die Phalaborwa-omgewing wat ooreenstem met Schwellnus (1937) se Tipe 1- en Tipe 2-oonde. Hy wys daarop dat die Tipe 2-kopperreduksie-oond op die plaas Loole (31 LU), baie ooreenstem met die Buispoort-tipe oond wat naby Zeerust in Wes-Transvaal aangetref is. Beide die oonde toon weer ooreenkomste met oonde wat deur die Bemba en Shona van Zimbabwe gebruik is.

Die gebruik van talkskis vir die vervaardiging van bakke waarin sout in die Letabadi-distrik geprosesseer is, word met twee foto's van talkskisbakke toegelig. Een van die bakke is afkomstig van die plaas Rhoda (9 KU) en is dus waarskynlik gevind by of naby aan Ntšabadi aan die Salatirivier wat bekend was as 'n plek waar sout geprosesseer is (Mason 1965: 425; foto's 243 & 244).

Mason se navorsing in die Loole-terreinkompleks is opgevolg deur opgrawings by Shankare en Nareng (Mason 1965; 1985). Die resultate van die navorsing word later breedvoeriger in die terreinbeskrywings behandel (vgl. Shankare en Muhululu). Gedurende die tydperk is ook van die mynbou-aktiwiteite op Loolekop gedokumen-

teer voordat dit finaal deur moderne mynboubedrywighede vernietig is (Mason 1965: 262 - 264; figure 10 & 11) (Figuur 21).

Die dierskeletmateriaal vanaf Shankare is ook geïdentifiseer en vergelyk met verskeie ander ystertydperkterreine van die afgelope tweeduisend jaar in Suid-Afrika (Mason e.a. 1983). In dié fauna-analise en -vergelyking word gewys op die minderwaardige rol wat gedomestiseerde vee in die dieetpatrone van die Shankare-gemeenskap vervul het. Die ontledings en bevindinge toon net soos in die geval van verskeie ander terreine in die Loole-terreinkompleks, dat die klem in die ekonomiese bestaanwyse van dié gemeenskappe op jag en versamelpraktyke gekonsentreer was.

In die sestiger- en sewentigerjare is uitgebreide navorsing deur prof. N. J. Van der Merwe van die Universiteit van Kaapstad tesame met verskeie ander navorsers in die Loole-terreinkompleks uitgevoer. Die navorsing is weswaarts uitgebrei tot by Gravelotte en ooswaarts tot by die Letaba-ruskamp in die Nasionale Krugerwildtuin. 'n Ondersoek van die Square-terrein in die Ga-Mašišimale-terreinkompleks is ook onderneem (Stuiver en Van der Merwe 1968; Van der Merwe & Rightmire 1976; Van der Merwe & Killick 1979 en Van der Merwe en Gordon 1984). Uit die oorspronklike navorsing het ook twee doktorsale proefskrifte gevolg (Thorne 1974 en Scully 1978).

Die navorsing was enersyds veralgemenend, oorsigtelik en beskrywend van aard, en het aanvanklik gekonsentreer op etno-argeologiese en kultuurhistoriese vraagstukke rakende vroeë baPhalaborwa in die gebied (Van der Merwe s.d.; 1971 en Van der Merwe & Scully 1971). Later het die navorsing en publikasies meer gespesialiseerd geraak en veral die klem laat val op argeo-metallurgiese ondersoeke (Van der Merwe 1969; Van der Merwe & Killick 1979 en Van der Merwe & Gordon 1984).

Die vroegste navorsingsverslae (Van der Merwe s.d. & Van der Merwe 1971) was slegs voorlopige vorderingsverslae, onder andere aan die RNG, insake die Loole-terreinkompleks. Die beskrywing van die opgrawings by Kgopolwe en veral Nagome is egter vandag van groot historiese waarde aangesien Nagome, wat een van die belangrikste terreine van die omgewing was, vandag nie meer bestaan nie. 'n Terrein aan die voet van Nagome, nl. Nagome 3, het net soos Kgopolwe 3 radiokoolstofdaterings van 1000nC opgelewer (Tabel 4). Afsettings aan die voet van Kgopolwe, waar Kgopolwe 3 (SPK3) opgegrawe is, is met die dorpsontwikkeling rondom die koppie verwyder, sodat dit nie bekend is hoeveel inligting van die vroeë bewoningsfase van Kgopolwe vernietig is nie. Die verslag van 1971 gee ook 'n aanduiding van

die omvang van die navorsingsgebied en die algemene aard en kenmerke van bepaalde terreine wat ondersoek is.

Die belangrikste en omvattendste navorsingsverslag is die van Van der Merwe en Scully (1971) waarin die "storie" van Phalaborwa van die afgelope eenduisend jaar vertel word. In die artikel word die verband tussen die argeologie en die etnologie van die gebied sterk beklemtoon en uitgelig. Aandag word spesifiek aan die oorsprong en geskiedenis van vroeë baPhalaborwa soos die Nkwane, Mojela, en ander groepe verleen, en daar word gewys op die voorkoms vandag nog van die groepe onder die baPhalaborwa. Dié aanvanklike uiteensetting van die baPhalaborwa se oorsprong en geskiedenis sou die aanvoerwerk wees wat Scully (1978) vervolgens vir sy proefskrif oor die onderwerp sou gebruik.

Bogenoemde verslag is egter soos reeds aangedui, 'n algemene beskrywing van die argeologiese oorblyfsels van die gebied en laasgenoemde se verband met die kontemporêre baPhalaborwa. Verwysings na enkele opgrawings by Masorini, Sekgopo, Nagome, Moloto en Kgopolwe word gemaak. Geen detail-inligting, foto's, en sketse, of breedvoerige beskrywings van die twee tipes reduksie-oonde (yster en koper), 'n tipe smidsoond by Masorini en Sekgopo, of enige analise van slak, sketse van potwerk of planvorms van terreine is gepubliseer nie. Dit is egter duidelik dat die yster- en koperreduksie-oonde wat by Matsepe (sic), of Serotwe en by Moloto aangetref is, ooreenstem met die Tipe 1- en Tipe 2- oonde wat reeds in 1937 deur Schweltnus beskryf is.

Die belangrikste kritiek teen die navorsing van Van der Merwe en Scully (1971) is die onbewese stelling dat 'n kontinuerende ystertydperktradisie vir eenduisend jaar (ca 900 - 1900nC) in die Phalaborwa-omgewing voorgekom het. Die stelling is gegrond op die oënskynlike ooreenkoms in potwerk wat vanaf vroeë terreine soos Nagome 3 en Kgopolwe 3 afkomstig is, en potwerk vanaf dieselfde koppieterreine maar wat dateer uit die periode van ca 1700 - 1900nC. Nie alleen is die vroeëre potwerk en ander oorblyfsels (net soos die latere historiese oorblyfsels) nêrens beskryf, geïllustreer, geanaliseer of in publikasies vergelyk nie, maar is die ooreenkomste aanvaar bloot op grond van die visuele vergelyking van die potwerk.

Genoegsame radiokoolstofdaterings veral in die periode 1300 - 1600nC ontbreek ook nog sodat dit nie sonder meer aanvaar kan word dat die vroeë of "middel-ystertydperk" oorblyfsels (ca 900 - 1300nC) 'n kontinuïteit met die latere oorblyfsels

van ca1600 - 1900nC verteenwoordig nie (vgl. Tabel 4). Die datum van 1420  $\pm$  60nC (Y-1657) is die enigste wat as't ware 'n skakel tussen die vroeëre en die latere oorblyfsels verteenwoordig. Die datum verskil egter met 200 jaar van 1670  $\pm$  60nC (Y-1658) wat ook van die slakhoop van SPK 4 bepaal is. Die eerste datum is egter van houtskool uit die slak en laasgenoemde van houtskool uit die oond van dieselfde reduksieterrein (Van der Merwe 1969: 101 - 102). Die tydsverskil van 200 jaar hoef nie noodwendig 'n aanduiding te wees van die tydsduur van die gebruik van die oond nie, maar eerder van die oorspronklike hout wat as houtskool in die oond gebruik was. Sekere van die kernmateriaal (dit wil sê dik of ou stompe) wat as houtskool voorberei is, mag soveel as tweehonderd jaar of selfs ouer as ander houtstompe gewees het op die tydstip toe dit as houtskool voorberei is.

In 'n onlangse gepubliseerde artikel (Evers en Van der Merwe 1987) is die aangeleentheid egter reggestel nadat die vroeë en laat potwerk vanaf Kgopolwe en Nagome deeglik geanaliseer is. Die skrywers kom tot die gevolgtrekking dat 'n enkele potwerktradisie van eenduisend jaar nie in die Phalaborwa-omgewing bestaan nie. In plaas van 'n enkele tradisie of styl, kom 'n vroeë potwerkstyl (ca900 - 1300nC) bestaande uit Moloko- en Kgopolwe-tipe potwerk voor, asook 'n latere (ca1500 - 1900nC) potwerkstyl behorende tot die Letaba-tradisie (op. cit. p. 105).

Die navorsing van die sestiger- en sewentigerjare het etlike daterings vir terreine in spesifiek die Loole-terreinkompleks die lig laat sien (Tabel 4). In samehang met daterings wat gedurende dié navorsingsprojek ingesamel is, is 'n reeks radiokoolstofdaterings vir die latere gedeelte van die ystertydperk of historiese periode van Phalaborwa dus tans beskikbaar. Ook is radiokoolstofdaterings van vroeëre ystertydperkoorblyfsels (ca 1000nC) vanaf Nagome en Kgopolwe na Shankare uitgebrei (vgl. Tabel 4).

Gespesialiseerde verslae van spesifieke ondersoeke het byvoorbeeld aandag gegee aan die herkoms van magnetieterts op die Square-terrein (Van der Merwe & Killick 1979) (vgl. ook III: 3.2). Ook is 'n ontleding van menslike skeletmateriaal vanaf Nagome en Kgopolwe onderneem. Die skelet vanaf 'n terras onder 'n hutvloer op Nagome wat op 200  $\pm$  50 voor die huidige, dit wil sê op 1750nC (Pta-289) gedateer is, was dié van 'n manlike Negroïed. Die tweede skelet vanuit 'n ashoop aan die noordoostelike voet van Kgopolwe wat op 1270  $\pm$  45nC (Pta-566) gedateer is, toon fisiese ooreenkomste met Venda - maar ook met Khoikhoin-skeletmateriaal. Gevolglik suggereer Van der Merwe & Killick (1976) dat die skeletmateriaal die kontak tussen dertiende-eeuse ystertydperk Negroïede en steentydperk Kapoïede in die

Phalaborwa-omgewing reflekteer. In 'n verdere en laaste gespesialiseerde verslag is metallografiese ontledings van ysterartefakte van onder andere uit die Laeveld en die Phalaborwa-omgewing gepubliseer (Van der Merwe & Gordon 1984).

In Van der Merwe (1980) se artikel oor metaalbewerking in Afrika word enkele punte oor sy Phalaborwa-navorsing uit vorige publikasies weer beklemtoon en aangehaal. Die belangrikste verwysings kan opsommend as volg saamgevat word:

- Die kopererts wat intensief in die Loole-terreinkompleks gemyn is, was veral malagiet. Die voorhistoriese mynboutegnologie van die gebied is breedvoerig in Van der Merwe & Scully (1971) bespreek, hoewel dit ook vroeër deur Moore (1966) beskryf is. (Vgl. ook punt 4 van dié hoofstuk). Die reduksie van kopererts het nie voorsiening gemaak vir die omsetting van kopererts met sulfiede nie - 'n gevolgtrekking waartoe ook Verwoerd (1965: 102) gekom het (Van der Merwe 1980: 483).
- Ysteroksied soos magnetiet is as smeltmiddel of katalisator in die koperreduks-proses gebruik - soos ook deur Verwoerd (1956: 102) uitgewys is. Die koperslak van die gebied is ook ryk aan yster en kan maklik met ysterreducerende praktyke verwar word (Van der Merwe 1980: 488).
- Vir die reduksie van yster is suiwer erts (met meer as 95% magnetiet -  $Fe_3O_4$ ) gebruik waarby kwarts gevoeg is om 'n vloeibare slak te vorm. Die geproduseerde slak het sowat 50% ysteroksiedes en ander elemente bevat. Die aluminosilikate (of kwartssand) het dus gehelp om 'n vloeibare slak te vorm waarin die gereduseerde ysterpartikels na mekaar kon beweeg om 'n "bloom" te vorm (Van der Merwe 1980: 483, 488).

Die navorsingsbevindings van prof. N. J. van der Merwe en sy medewerkers verdien veel meer vermelding en erkenning as wat hierbo beskryf is. Aangesien die resultate van opgrawingsbevindings asook waarnemings oor die aard en kenmerke van sekere terreine nuttiger in later besprekings aangewend kan word, word sodanigé besonderhede deur die loop van die proefskrif vermeld. In besonder word meer aandag aan spesifieke opgrawingsdata verleen in die hoofstukke wat handel oor die ondersoek van elf terreine van die Loole-terreinkompleks.

### 3. Mynbedrywighede en ertsbronne van die terreinkompleks

### 3.1 Algemeen

Die ondersoek van voorhistoriese mynboutegnologie en metaalproduksie in Suid-Afrika kan in drie periodes verdeel word. Die eerste periode dateer uit die negentiende eeu toe ondersoekers soos Baines, Mauch and andere melding gemaak het van mynbou-aktiwiteite wat op verskillende plekke in Suid-Afrika deur plaaslike of inheemse mensegroepe beoefen is. Gedurende die tweede periode in die eerste helfte van die twintigste eeu het geoloë soos Wagner, Schwellnus en ander data ingesamel oor voorhistoriese metaalproduksie en mynboumetodes. Die derde periode het in 1960 'n aanvang geneem met die belangstelling van argeoloë in die ystertydperk. Friede (1980) se publikasie waarin hy vyf-en-dertig artikels betrek, wat ook na ander publikasies verwys, verskaf 'n oorsig van die stand van navorsing en kennis oor voorhistoriese mynbedrywighede gedurende die Ystertydperk in Suid-Afrika (Mason 1982: 134).

Die voorhistoriese mynbedrywighede op Loolekop het ook in al drie die periodes aandag geniet, hoewel nie genoegsaam en veral betyds in die derde fase om die aard en omvang daarvan deegliker te bestudeer en te dokumenteer voordat dit deur moderne mynbedrywighede vernietig is nie. Die mynboumetodes wat gevolg was, moet dus grootliks gerekonstrueer word deur die getuienis van voorhistoriese mynbedrywighede wat elders duideliker in die argeologiese rekord beskryf is. Dit is moontlik omdat die mynboutegnologie wat op Loolekop beoefen was, nie veel verskil het van voorhistoriese mynboutegnieke wat elders in Suid-Afrika gevolg is nie. Volgens Friede (1980: 164) het die mynboutegnologie van die ystertydperk met die uitsondering van enkele innovasies nie noemenswaardige veranderinge oor eenduisend-vyfhonderd jaar ondergaan nie.

Min is dus bekend van die aard en omvang van mynbedrywighede wat op Loolekop voorgekom het. Geen verdere inligting kan ook van die bedrywighede bekom word nie, aangesien die kop tesame met al die geassosieerde getuienis deur kontemporêre mynbedrywighede vernietig is. Loolekop was geleë waar die oopgroefmyn van Palabora Mynmaatskappy vandag voorkom (Foto's 1-6). Dit was 'n plat, geronde koppie met 'n saalvormige kruin wat sowat 80m bo die omliggende omgewing uitgetroon het (Foto's 3-6).

### 3.2 Vroeë verwysings en waarnemings

Loolekop was reeds in 1725 die onderwerp van 'n ondersoek nadat Francois de

Cuiper vanaf Delgoabaai die binneland van Afrika in opdrag van die Nederlandse Oos Indiese Kompanjie binnegetrek het op soek na die berg van yster en koper. Die kop het onder die aandag van die Nederlanders gekom weens die kontak wat binnelandse handelaars en handelsnetwerke met die seevaarders van die Ooskus gehad het (Punt in Moore 1974: 227).

'n Honderd-en-vyftig jaar later (1868) verskaf Karl Mauch, die Duitse geoloog, 'n verdere beskrywing van metaalproduksie en mynbou in Phalaborwa:

"Copper ore for which large mines are established at Palabora, is smelted by the blacks ... and fashioned into ornaments ... The region is sparsely populated by men. Small kraals are found in the vicinity of small springs or perennial streams and are usually hidden in granitic hills between boulders as, for instance, the chief Lepata of Palabora. The kaffirs here are experienced smelters..." (Bernhard in Moore 1974: 227).

Verder verwys Moore ook op Baines se beskrywing van Edward Button wat 'n jaar later, dit wil sê in 1869, swart mense in die Masisimale-heuwels aantref wat koper bewerk het. Hy is egter nie toegelaat om enige van die myne te besigtig nie.

Die enigste nuttige inligting uit vroeë historiese literatuur insake die vervloë mynboubedrywighede van Loolekop, is enkele eerstehandse waarnemings van oppervlakte verskynsels verbandhoudend met die ongerepte voorhistoriese mynboumilieu (Hall 1912 en Schwellnus 1937). Moderne mynbedrywighede het vanaf 1960 ondergrondse skagte, gange en kamers in die kop blootgelê (Moore 1966, 1974 en Van der Merwe & Scully 1971) sodat radiokoolstofdaterings 'n aanduiding kan verskaf van die tydperk waarmee die bedrywighede verbind kan word (Vogel en Waterbolk 1968; Stuiver & Van der Merwe 1968; Van der Merwe 1969 en Van der Merwe & Scully 1971).

### 3.3 Die tydperk en aard van die mynbedrywighede

Min twyfel bestaan vandag by geoloë van Foskor en PMM dat die mynbou-aktiwiteite wat op Loolekop voorgekom het, primêr en uitsluitlik gerig was op die herwinning van die koperkarbonate malagiet-azuriet-chrisocolla (Foto 9). Dié koperkarbonate was dan ook gekonsentreer op daardie deel van Loolekop waar die putte en rifuigrawings voorgekom het (Van der Merwe & Scully 1971; 181). Die malagiet was duidelik sigbaar as dun lagies en aanpaksels in die verweerde gesteentes van Loolekop (Schwellnus 1937: 904). Dit wil voorkom asof die harde magnetiet selfs vermy is, aangesien slegs malagiet ingesamel is en die ystererts saam met ander afvalmate-

riaal weggegooi is (Schwellnus 1937: 904; Van der Merwe 1971: 182 en Moore 1974: 229). 'n Genoegsame hoeveelheid verweerde magnetiet het aan die suidelike voet en hoër op (Hall 1912: 166) asook aan die westekant en op die oppervlakte van Loolekop voorgekom. Dit was dus moontlik dat die eerste myners malagiet met min moeite van die verweerde ertsliggaam bekom het, of dit selfs van die oppervlakte opgetel het (Moore 1966: 12; 1974: 229). Ook Verwoerd (1956: 93) meld dat malagiet gemyn was waar kopermineralisering naby die sentrum van die karbonatiet langs die suidelike hang van Loolekop voorgekom het.

Benewens die mynbou-aktiwiteite by Loolekop was malagiet ook gemyn by die Old Guide Myn op die plaas Schiettocht (25 LU). Aãnduidings van mynaktiwiteite het skynbaar ook voorgekom aan die oostekant van Aprilkop noord van die eens bestaande grondpad na Malelane (Hall 1912: 166 en Schwellnus 1937: 906). Die waargenome blootgestelde pirokseniet van die gebied het volop kolle en stroke malagiet bevat. Die gebied het vandag onder uitskothope verdwyn. Ook Moore (1966: 12; 1974:227) vermeld mynaktiwiteite by Aprilkop (waarskynlik dieselfde as bg.) naby die laagwaterbrug oor die Selatirivier. Die omvang van die mynbedrywighede was, egter uiters beperk in vergelyking met Loolekop, terwyl nog minder oor die aard daarvan bekend is.

Twee radiokoolstofdaterings is vanuit 'n ondergrondse kamer en vanuit 'n halfmaan-vormige sloot op Loolekop verkry (Tabel 4). Die eerste datum van  $770 \pm 80\text{nC}$  (Y-1636) kom van houtskool wat in 'n ondergrondse kamer aan die punt van 'n 6,1m (20') diepe skag gevind is. Die tweede datering van  $1000 \pm 60\text{nC}$  (Y-1635) is afkomstig van die diepste vlak (23,1m of 70') van 'n halfmaanvormige sloot wat deur mynskietwerk ontbloot was (Stuiver & Van der Merwe 1968: 57-58; Van der Merwe 1969: 104-105 en Van der Merwe & Scully 1971: 181). 'n Derde datering van 1750 is verkry uit 'n ingangs- of toegangstonnel ("adit") aan die kant van Loolekop (Vogel & Waterbolk 1967) (Tabel 4).

Dit wil voorkom asof geen woon- en/of reduksieterreine op of aan die voet van Loolekop voorgekom het nie (Schwellnus 1937: 904 en Moore 1966: 12). Die kop was dus by uitstek gekenmerk deur mynboubedrywighede. Met die besoek van Hall in 1912 was die mynaktiwiteite moeilik bestudeerbaar omdat die putte en slote reeds toegegroeï en ook dikwels ingeval het. Dit is dus duidelik dat die mynbedrywighede 'n paar dekades voor Hall se besoek beëindig is, dit wil sê waarskynlik in die laat negentiende eeu.



Die mynbedrywighede op Loolekop word deur Hall (1912: 166-167) verdeel in ruwe rudimentêre putte ("potholes") en die tegnologies meer gevorderde rifuitgrawings ("reef workings"). Die hange van Loolekop was oortrek met die putte terwyl enkeles ook op die kruin van die kop voorgekom het. Van die putte is in 1965 deur Mason (1965: 264, fig. 11) gedokumenteer (Figuur 22). Die putte is dikwels na aan mekaar geleë en in sommige gevalle groot en diep, bv. met deursneë van 12,6m (40') en dieptes van 6,1m (20'). Die meerderheid was egter vlak (1-2m) maar in baie gevalle reeds toegeval. Hoewel geen patroon waarneembaar was in die verspreiding van die putte nie, was die meerderheid naby die middel van die suidelike kruin van die kop geleë. Rondom die putte het talle uitskothope met min aanduidings van koper daarin voorgekom (Figuur 22 & Foto 25).

Die rifuitgrawings was laer teen die suidelike hang van die kop geleë en bestaan uit parallelle noord- na suidstreckende slote wat 'n paar meter van mekaar af geleë was. Die rifuitgrawings is deur Hall (1912: 167) en Schwellnus (1937: 906) beskryf. Die diepte van sommige van die uitgrawings is tussen 5-6m (15'-20') terwyl die breedtes gevarieer het tussen 0,5-1,0m (2'-3'). Dit was verder gekenmerk deur 'n westelike gradiënt van 70°-80° waarmee dit die kop binnegedring het en natuurlike pilare wat die hangmure gesteun het teen die voetsmure (Foto 20). Volgens ruwe beraminge was sowat 10 000 ton rots met sekondêre kopererts uit Loolekop gemyn (Van der Merwe 1971: 179-180).

Nadat moderne mynbedrywighede in 1965 'n aanvang geneem het, is skagte, ventilasie skagte, horisontale gange en ondergrondse kamers in Loolekop blootgelê (Foto's 27-30). Ongelukkig was die verskynsels nie bestudeer nie, en is relatief min inligting oor die aard en omvang van die ondergrondse mynbouverskynsels van Loolekop bekend. Inligting wat vyftien jaar gelede deur Van der Merwe & Scully (1971: 181) ingesamel is, maak melding van vertikale skagte wat 21,3m (70') diep en 0,6m (20') in deursnee was. Sommige van die skagte het in ronde kamers geëindig terwyl andere horisontaal in gallerye vertak het. Daar is ook ingang- of toegangskagte skuins van die kant in Loolekop gesink.

Ook Moore (1974: 229) wat van die voorhistoriese mynaktiwiteite gesien het, vermeld nou skagte van 37,5cm (15") in deursnee en van dieper as 6,09m (20') op sommige plekke. Die skagte was ongetwyfeld te smal vir volwassenes om in te werk en daarom suggereer Moore dat die myners moontlik vrouens en kinders was - 'n argument wat ook Summers aanvoer vir die goudmyne van Zimbabwe. Volgens inligting wat Schwellnus (1937: 906) bekom het, het die plaaslike gemeen

skap Boesman- of San-slawe gebruik om as myners in die nou skagte te werk. Hoewel Van der Merwe & Scully (1971) aanvanklik die gebruik van kinderarbeid (waarskynlik dogters) as 'n moontlikheid aanvaar het, verwerp Van der Merwe (in Herbert 1984: 45) later die beskouing oor die gebruik van slawe-arbeid. Die nou skagte moet eerder as ventilasieskagte gesien word en nie as skagte vir die herwinning van erts nie - 'n moontlikheid wat ook deur Moore (1974: 229) geopper was. Die smal ventilasieskagte kon warm stygende lug en rook opwaarts deurlaat terwyl die skoon lug deur die wyer toegangskagte ingevoer is - veral wanneer vuur gebruik is om erts los te breek (Foto's 29-30).

### 3.4 'n Rekonstruksie van die vroeë mynboubedrywighede op Loolekop

In die algemeen is min bekend van die vroeë mynboubedrywighede wat op Loolekop, by die Old Guide Myn en op 'n plek noord van die ou grondpad na Malelane naby Aprilkop plaasgevind het. Was dit nie vir die beskrywings van Hall (1912) en Schwellnus (1937) nie, sou daar met die uitsondering van die publikasies van Moore (1966, 1974) en Van der Merwe & Scully (1971), geen beskrywings van die vroeë mynboubedrywighede op Loolekop bestaan het nie (vgl. ook Moore 1974: 227). Ten einde te kan bepaal wat die aard van die mynbedrywighede was, moet gekyk word na beskikbare inligting in dié verband asook na die mynboutegnologie wat elders gedurende die Ystertydperk in Suid-Afrika voorgekom het. Min verskille bestaan in die wyse waarop verskillende tipes erts (koper, yster en tin) in die Ystertydperk gemyn is, terwyl min verandering in ystertydperktegnologie oor meer as eenduisend jaar plaasgevind het (Friede 1980: 163, 164).

Volgens Mason (1982: 138) sal mynbedrywighede en metaalbewerkingsaktiwiteite eers 'n aanvang neem wanneer gemeenskappe tot so 'n vlak vermeerder en ontwikkel het dat dit dié gespesialiseerde aktiwiteite moontlik en winsgewend maak. Die vroegste verwysing na ystertydperkmynbou in Suid-Afrika kom by Broederstroom naby die Hartebeespoortdam voor waar die Broederstroomterrein op 500nC gedateer is. Die terrein bevat oorblyfsels van ysterreduksiepraktyke terwyl ystererts wat op die terrein gevind is by implikasie na die myn van ystererts verwys (Friede 1980: 156). Die vroeë datum korreleer met mynboubedrywighede by Kansanshi in Zambië en moontlik ander myne by Kipushi in die suide van Zaïre wat reeds in die vierde eeu nC gemyn is - in beide gevalle is egter kopererts ontgin (Herbert 1984: 24). Die oudste kopermyne in Suid-Afrika is die van Loolekop (770nC) gevolg deur die (ysteroksied-) okermyne van Postmasburg (830nC). Hierna volg die afbouings ("stopes") en skagte by die Harmonie-kopermyne wat op  $1260 \pm 90$ nC (RL-2070)

gedateer is en die mynbedrywighede by Rooiberg-tinmyn en Vleifontein (Dwarsberge) se kopermyne wat dateer uit die tydperk na 1550nC (Mason 1982: 138).

Voordat die mynboutegnologie by Loolekop van nader beskou kan word, moet kommentaar gelewer word op drie radiokoolstofdaterings wat van die mynbedrywighede in Loolekop verkry is (vgl. Tabel 4). Die vroegste datum van  $770 \pm 80$ nC (Y-1636) is kontemporêr met die mynboubedrywighede wat reeds op dié tydperk in Zambie en Zaïre bestaan het, en wat ook verband hou met die myn van kopererts. Die mynboubedrywighede mag saamval met die voorkoms van ystertydperkindustrieë wat vanaf 600-900nC in die NKW geïdentifiseer is (Meyer 1986), maar nog nie prominent in die Phalaborwa-omgewing geïdentifiseer is nie. Die datum mag egter na kalibrering ook nader aan 900nC wees, wat dit binne die "middel-ystertydperk" van Phalaborwa of die periode van 900 - 1300nC plaas. In dié tydperk het gemeenskappe by koppies soos Kgopolwe, Nagome en Shankare (en moontlik ook ander) voorgekom. By Kgopolwe en Shankare bestaan aanduidings dat koper in die tydperk met behulp van smeltkroese gereduseer en/of gesmelt is. Uiteraard moes dit saamval met die myn van gemeneraliseerde koperertse sodat die datums van  $770 \pm 80$ nC (Y-1636) en  $1000 \pm 60$ nC (Y-1635) dus verband mag hou met die laat eerste en vroeë tweede milleniumse teenwoordigheid van ystertydperkgemeenskappe by sekere van die koppies (en moontlik op die vlaktes tussen die koppies) van die Loole-terreinkompleks.

Die derde datering van 1750nC wat verkry is van houtskool uit 'n ingangs- of toegangstonnel ("adit") aan die kant van Loolekop, behoort slegs een van verskeie daterings uit die periode van ca 1600 - 1890 te verteenwoordig. Gedurende dié periode en veral vanaf ca 1750 - 1890 het kopermynbou-aktiwiteit waarskynlik 'n hoogtepunt by Loolekop en die Old Guide Myn bereik. Hoewel die reduksie van yster vanaf 1850 om verskeie redes in die Phalaborwa-omgewing begin afneem het, het die myn en bewerking van kopererts waarskynlik tot laat in die tweede helfte van die negentiende eeu bly voortduur aangesien daar aanduidings bestaan dat die vraag na koper nog nie in die tyd opgehou het nie (Scully 1978: 225, 334). Met Hall (1912) se besoek aan Loolekop was die putte en rifuitgrawings reeds toegegroeï wat 'n aanduiding is dat die mynaktiwiteit reeds 'n geruime tyd tevore gestaak is.

Wat die mynboumetodes by Loolekop betref, wil dit voorkom asof die ertsdraende afsettings gebreek was deur dit met 'n oop vuur te verhit en daarna met water af te koel. Die voorkoms van dik lae houtskool in sommige van die kamers (J.

Scholtemeyer, pers. mededeling) getuig hiervan. In verskeie van die skagte en kamers asook op Loolekop is talle hamerklippe en dissels aangetref. 'n Versameling van die werktuie wat in besit van PMM was en op en in Loolekop versamel is, het ongelukkige verlore geraak (N. Steenkamp, pers. mededeling). Die kapmerke wat deur dissels op ertsafsettings nagelaat is, is deur Moore (1966) gefotografeer (Foto 26). 'n Stel hamerklippe en beitels is ook deur Moore (1974: 228) by Kgopolwe opgetel (Foto 31). Terwyl die wande van ertsdraende afsettings met vure verhit is - veral in kamers wat groot en genoegsame ruimte gehad het - kon teenoorstaande mure in die nou en swak verligte vertrekke wat op bogenoemde wyse gekraak is, met beitels en hamerklippe verder gebreek word.

Die hamerklippe wat op Loolekop voorgekom het, is ook betreklik algemeen by die koppieterreine aangetref. Dit wil dus voorkom asof die myners tussen die koppieterreine en Loolekop gependel het, en dat elke terrein of gemeenskap 'n eie groep myners kon gehad het wat hulle bedrywighele op sekere tye by Loolekop beoefen het. Bespiegeling oor die gebruik van slawe, kinders of vroue as myners, is reeds vermeld (Schwellnus 1937; Van der Merwe en Scully 1971 en Herbert 1984).

Die wyse waarop toegang tot die myne en veral die diep skagte verkry is, is onbekend. Die Musina van Messina het die myners met mandjies wat aan rieme of repe diervelle vasgemaak is in die skagte laat afsak, en ook erts op die wyse na die grondoppervlakte gehys (Van Warmelo 1940: 81). By Rooiberg se tinmyne en moontlik by Harmonie-kopermyne is boomstamme (met geskikte sytakke) as lere gebruik (Evers 1974: 223). Geen aanduidings bestaan oor hoe toegang tot die diepgeleë kamers met vertikale skagte in Loolekop asook die verwydering van erts daaruit kon plaasgevind het nie. Uiteraard kon in skuins skagte of toegangstonnels ("adits") wat nie té skerp hellings het nie, ingekruip word.

Die myne was ongetwyfeld nie veilige werksplekke nie. Die groen (malagiet-gekleurde) menslike skedel uit Loolekop (Moore 1974: 228) en menslike oorblyfsels uit talle ander myne getuig hiervan (Hanisch 1974: 251). Van die grootste struikelblokke wat oorkom moes word, was waarskynlik dié van ventilasie en beligting. Die nou, diep skagte wat tot 20m diep is in Loolekop, Rooiberg en die Dwarsberge, was waarskynlik gebruik as ventilasieskagte - veral as vuur gemaak is om erts te breek en/of vir beligting - en wel om 'n opwaartse trek te veroorsaak sodat skoon lug afwaarts deur die wyer toegangskag getrek kan word (Friede 1980: 163).

Hoewel sommige van die mynbedrywighele by Loolekop in die daglig uitgevoer

sou kon word, sou diep skagte en kamers addisionele beligting vereis. In die verband beskryf Moore (1966; 1974: 229) dat hy droë **Euphorbia**-blare (Naboomblare) in 'n mynslag aangetref het wat weens die brandbare latex-inhoud daarvan moontlik as fakkels gebruik is (vgl. ook Van Warmelo 1940: 81).

In der waarheid is min oor die mynboumetodes wat by Loolekop beoefen was, bekend. Dit is egter duidelik dat die mynbedrywighede primêr en uitsluitlik verbind kan word met die myn van sekondêre gemeneraliseerde koperertse soos malagiet met chrisocolla (Foto 9) en azuriet, terwyl magnetiet rondom Loolekop opgetel is. Geen aanduidings bestaan dat kopersulfiede soos chalcopiriet gemyn en daarna verder verwerk is nie. Die mynbedrywighede het reeds 'n aanvang geneem met die eerste aanduidings van die prominente teenwoordigheid van ystertydperk-gemeenskappe in die omgewing vanaf ca 900nC en wat in besonder by koppies soos Kgopolwe en Shankare koper bewerk het. Die mynaktiwiteite het waarskynlik twee hoogtepunte beleef - in die periode van 900 - 1300nC en in 'n daaropvolgende periode van ca 1550 - 1890nC, weens ooreenstemmende gedateerde argeologiese oorblyfsels.

Nog minder is bekend van die mynbou-aktiwiteite by die Old Guide Myn. Hoewel beweer is dat die myn trappies het wat aflei na die skagte, gange en ondergrondse kamers van die myn - soos ook 'n mynslag in Messina het (Evers 1974: 223), kon dit nie deur Charles Moore bevestig word nadat hy vroeë planne van die myn bestuurder het nie.

"The remains of "ancient" workings I saw at the abandoned Old Guide Mine were on a small scale and mainly opencast like the odd depressions near Aprilkop. Many were filled up." (Moore 1974: 229)

Dit is moontlik dat ietwat meer van die mynboubedrywighede by die Old Guide Myn te wete gekom kan word indien die aangeleentheid dieper nagevors word, aangesien van die oorblyfsels nog behoue is.

#### 4. Terreine en ertsbronne

Loolekop en die Old Guide Myn was ongetwyfeld die belangrikste bronne vanwaar magnetiet en koperertse na omliggende terreine in die Phalaborwa-omgewing vir reduksie-aktiwiteite aangedra is. Dit is reeds aangetoon dat magnetieterts vanaf Loolekop na Square (150 KT) in die Ga-Masisimale-terreinkompleks vervoer is (meer as 20km) waar dit gereduseer is (Van der Merwe & Killick 1979). Die afstand wat terreine van die Loole-terreinkompleks vanaf bogenoemde twee ertsbronne geleë is, word aangedui in Tabel 25.

## 5. Die streekopname en opgrawings in die Loole-terreinkompleks

### 5.1 Vroeëre streekopnames

'n Grootskaalse verkenning van die grotere Phalaborwa-omgewing is gedurende die vroeë sewentigerjare uitgevoer. Die verkenning wat per lug (vliegtuig) en grond met verskillende tipes voertuie uitgevoer is, het die gebied tussen Gravelotte in die weste, en die Letaba-ruskamp in die NKW in die ooste, en vanaf Square (150 KT) in die suide tot by Silonque (23 LU) in die noorde omvat (Van der Merwe 1971: 2; Van der Merwe & Scully 1971). Die inligting wat met die streekopname ingesamel is, is later gebruik vir 'n proefskrif waarin 'n beskrywing van die waarnemings op 32 terreine verskaf word (Thorne 1974).

Die streekopname toon die teenwoordigheid van terreine met hoofsaaklik twee verskillende liggings, naamlik terreine wat in assosiasie met die koppies van die omgewing voorkom en terreine wat op onverwagte of eienaardige plekke in die savannegebiede tussen die koppies geleë, is (Van der Merwe en Scully 1971: 182). Geen inligting word egter oor laasgenoemde tipe terreine verskaf en waar dit geleë is nie. In die Ga-Mas<sup>v</sup>isimale-terreinkompleks is terreinkomponente hoofsaaklik tussen die granietheuwels van die omgewing geleë, terwyl selfs geïsoleerde reduksie-terreine in die vlaktes tussen die heuwels op die plaas Lilly (148 KT) aangetref is (vgl. III 3.3.2.1).

Soos reeds vermeld, is geen vlakteterreine in die Loole-terreinkompleks aan informante bekend nie. Ook Scully (1978) maak sover dit bekend is, geen melding van terreine wat nie met koppies verbind word nie. Dit moet egter aanvaar word dat sekere van die vlakteterreine wel kontemporêr met die laat-ystertydperkoppie-terreine kon gewees het. Die grootste probleem met die ondersoek van die tipe terreine is egter die opspoorbaarheid daarvan. Enkele vlakteterreine is wel gedurende die navorsing in die Loole-terreinkompleks teëgekome. Die terreine is nie in alle gevalle maklik opspoorbaar voordat dit eers deur stootskraperaktiwiteite of ander bedrywighede blootgelê is nie. 'n Opname van die terreine met die oog op die opgrawing en ondersoek daarvan, is op sigself 'n volwaardige navorsingsprojek.

Na gelang van die definiëring van 'n argeologiese terrein, onderskei Van der Merwe (1971: 6) tussen 500 tot 'n 1000 terreine in die gebied tussen Gravelotte en die Letaba-ruskamp. Die definisie beskryf egter elke klipmuur wat nie direk met 'n

aangrensende klipmuur geskakel word nie, as 'n afsonderlike argeologiese terrein - vandaar die hoë syfer. Die getal word later in 'n ander perspektief geplaas wanneer die aantal "smeltterreine" ("smelting sites") wat met koppies verbind word op 50 geraam word (Van der Merwe en Scully 1971: 182).

In dieselfde gebied onderskei Thorne (1974) twee tipes terreine, naamlik terreine waar gemeenskappe leef en hulle sosiale verpligtinge vervul en terreine waar gemeenskappe tegnologiese bedrywe beoefen. Vervolgens onderskei hy 32 terreine en/of lokaliteite in die NKW, Phalaborwa en Gravelotte waar argeologiese reste aangetref is. Slegs tien van die terreine en/of lokaliteite is binne die Loole-terreinkompleks geleë en die meerderheid, naamlik 18, kom in die NKW voor (Thorne 1974: 85; Figuur 9).

Met uitsondering van 'n onbruikbare kaart in Thorne (1974: 85; Figuur 9) is in bogenoemde streekopnames nie gebruik gemaak van enige kaarte, ruitverwysings of ander aanduidings van die ligging of lokaliteit van terreine nie. In enkele gevalle is wel plaaslike myn- of trigonometriese bakens as verwysingspunte vir koppies gebruik. Hoewel die ligging en historiese name van die meerderheid van die koppies in die Phalaborwa-omgewing deur eie navorsing vasgestel moes word, is dit nog onseker waar 'n terrein of koppie soos Matsepe geleë is, en of dié terrein se historiese benaming korrek is. Die enkele kaart wat beskikbaar is oor die ligging van terreine in die Phalaborwa-omgewing, se tikwerk van plekname is uitermatig klein en boonop onduidelik afgedruk in die kopië van die proefskrif waarin dit gepubliseer is. Terreine wat Van der Merwe (1971) en Van der Merwe & Scully (1971) vermeld, byvoorbeeld Matsepe, verskyn glad nie op die kaart nie. Die inligting wat in vroeëre streekopnames van die Loole-terreinkompleks voorkom, is dus nie volledig nie - primêr omdat dit nie in 'n formaat verskaf of aangebied is soos streekopname-inligting vandag gepubliseer word nie.

## 5.2 Doelstellings en metodiek

Die streekopname wat in die navorsingsgebied uitgevoer is, was nie so tydrowend en veeleisend as wat normaalweg ondervind word met argeologiese streekopnames wat met voetverkenning gepaard gaan nie. Die terreine was makliker opspoorbaar omdat dit in feitlik alle gevalle aan die voet van en/of op die siënietskoppies van die omgewing voorkom, en boonop deur informante uitgewys is. 'n Duidelike verbintenis bestaan dus tussen die koppies van die omgewing en die woonterreine van die vroegste histories-bekende gemeenskappe wat uiteindelik die baPhalaborwa

sou word. In die gebied wat die Loole-terreinkompleks in beslag neem, is geen terrein dan ook aan informante bekend wat nie met 'n koppie verbind word nie. Die bewoning van die savannegebied tussen die koppies van die omgewing was dus in historiese tye 'n onbekende of hoogstens 'n seldsame verskynsel wat nie algemeen aan die baPhalaborwa bekend was nie.

Die streekopname het dus bestaan uit die besoek van die koppies van die gebied en die opspoor van terreine in assosiasie met die koppies. Sommige koppies is op lugfoto's (1:10 000 en 1:20 000) geïdentifiseer wat gereeld deur PMM laat neem word, aangesien alle koppies nie op 1:50 000 kaarte aangedui word nie omdat die skaal te groot is. Die historiese name van die opgespoorde terreine is deurlopend deur informante aan die navorser verskaf terwyl terreine ook voortdurend deur informante uitgewys is gedurende die streekopname. Etlke koppies van die gebied, soos veral in die Ga-Maṣiṣimale-terreinkompleks, het wel historiese name maar nie noodwendig geassosieerde argeologiese oorblyfsels nie.

Die doel met die streekopname was velerlei van aard. Nie alleen verskaf dit 'n aanduiding van die algemene verspreiding van terreine nie, maar is ook inligting ingewin van die kenmerke van individuele terreine. Die kenmerke sluit in argeologiese oorblyfsels wat heenwys na woonterreine, metaalbewerkingsterreine en ander opvallende terreinverskynsels en strukture soos klipmure, ashope, verskillende tipes artefakte en afsettings, ens. Deur dié terreinkenmerke asook aspekte van die vestigingspatrone en kenmerke van terreine te vergelyk, kon sekere groepe of kategorieë van terreine geïdentifiseer word waaruit geselekteerde gevallestudies opgegrawe en ondersoek kon word. Die ondersoekte voorbeelde van terreingroepe kon dus meehelp om 'n globale begrip van die aard en omvang van terreine van die Loole-terreinkompleks te verkry.

Bogenoemde streekopname-inligting is verder aangevul met die resultate van chemiese ontledings van slakmonsters ten einde die verspreiding van metaalbewerkingsoorblyfsels te karteer. Die analise van die slak van sowat veertig prominente metaalbewerkingsterreine kon meehelp met die opstel van verspreidingskaarte van metaalbewerkingsterreine soos yster- en koperreduksieterreine, sekondêre metaalbewerkingstryke soos yster- of kopersmidswerk, of kombinasies van dié primêre en sekondêre metaalbewerkingstryke. Ten einde die verspreidingskaarte saam te stel is ook gebruik gemaak van die kenmerke van metaalbewerkingsoorblyfsels soos die tipes oonde wat voorkom, die ligging van metaalbewerkingsterreine, die kenmerke van die slak en slakhope, die geassosieerde oorblyfsels van



metaalbewerkingsterreine soos aambeelde, vyselklippe, hamerklippe en selfs tipes hamerklippe, groot vyselklippe **in situ**, die voorkoms en deursneë van die blaaspype van oonde, ens.

Sommige terreine kan ook in sekere gevalle met spesifieke vroeë baPhalaborwa verbind word, terwyl ook historiese inligting oor sekere van die terreine bekend is. Hoewel die tydskaal wat deur die navorsing gedek word relatief kort is, kan sekere terreinkenmerke, historiese inligting en radiokoolstofdaterings help om 'n chronologie vir besondere terreine, terreintipes en hulle geassosieerde gemeenskappe uit te wys.

Die groepe, kategorieë of tipes terreine wat dus uiteindelik geïdentifiseer is, is bepaal deur die vergelyking en korrelering van terreinkenmerke. Sodoende is terreine of groepe terreine met bepaalde kenmerke of attribuutkombinasies onderskei wat op hulle beurt deur uitgebreide of toetsopgrawings ondersoek is ten einde meer lig op so 'n terrein of groep van terreine te werp. Met die opgrawings is gepoog om inligting oor veral die metaalbewerkingspraktyke van gemeenskappe van die laat-ystertydperk te bekom.

Dit is egter duidelik dat die gemeenskappe se aktiwiteite in die bewerking van verskillende metale ook weerklank vind in ander fasette van hul kultuur. 'n Studie van metaalbewerking vereis dus ook dat ander komponente van terreine - benewens metaalbewerking- ondersoek moet word ten einde lig op die algemene lewenswyse van die metaalbewerkers te werp. In die geval van suiwer industriële of metaalbewerkingsterreine waar geen woonterreinoorblyfsels of skrapse inligting oor laasgenoemde aangetref is, sou dit moeilik vasgestel kon word dat die terreine slegs vir dié doel gebruik is indien terreinkomponente soos terrasse, waar woonterreinoorblyfsels normaalweg voorkom, nie ook opgegrawe is nie.

Die opgrawingsinligting is verder gekombineer met die inligting verkry uit die uitgebreide kartering van terreine ten einde meer lig op die vestigingskenmerke en vestigingspatrone van die metaalbewerkers te werp. Die inligting belig ook in besonder aspekte van die ruimtelike uitleg, rangskikking en plasing van terreinkomponente - hetsy woonterreine of metaalbewerkingsterreine - ten opsigte van mekaar. Die data in verband met die vestigingskenmerke en vestigingspatrone van die terreine van die navorsingsgebied kon verder gebruik word in die vergelyking en korrelering van die vermelde terreinkenmerke, ten einde sekere tipes of kategorieë terreine te onderskei.

### 5.3 Ontledings en analises

Met die opgrawing van woon- en metaalbewerkingskomponente van terreine is in besonder aandag gegee aan die volgende: die voorkoms en grootte van hutvloere, moontlike konstruksietegnieke en materiale vir woonstrukture en ander oorblyfsels verbandhoudend met woonterreinkomponente. Ook is etlike ashope van verskeie terreine opgegrawe met die primêre doel om dierlike skeletmateriaal en houtskool vir datering in te samel.

Baie min inligting oor die dieetpatrone van ystertydperkgemeenskappe van die Oos-Transvaalse Laeveld en dan in besonder van die Phalaborwa-omgewing of die Loole-terreinkompleks is bekend. Dit word algemeen in literatuur vermeld dat die baPhalaborwa geen, of hoogstens weinige en beperkte akkerboupraktyke gevolg het, en dat gedomestiseerde plantvoedsel deur handelsaktiwiteite vanuit gunstiger landbougebiede uit die weste en waarskynlik die suide bekom is (Krige 1937b; Du Toit 1968; Thorne 1974 en Scully 1978). Dit is egter bekend dat die baPhalaborwa in historiese tye, dit wil sê die laat negentiende en vroeë twintigste eeu wel gewasse aangeplant het, byvoorbeeld tussen 'n terrein soos Serotwe en die Selatirivier (R. Malatji, pers. mededeling).

Aangesien die vroeë baPhalaborwa dus veral op wilde plantaardige voedsel soos die maroela sou moes staatmaak (Krige 1937b en Du Toit 1968), daar verhandelbare gedomestiseerde gewasse nie dwarsdeur die jaar beskikbaar sou wees nie, sou aanvullende proteïenvoedsel alleen deur die jag en versameling van verskillende tipes fauna kon plaasvind. Die oorblyfsels van fauna is dan ook tot op hede die geskikste insamelbare materiaal wat gebruik kan word vir die rekonstruksie van dieetpatrone. Hoewel fauna-ontledings aangebied word, word 'n interpretasie van dieetpatrone nie in die proefskrif aangebied nie.

Dierlike skeletmateriaal wat uit die ashope van verskeie terreine herwin is, het egter ook lig gewerp op besondere fasette van die gemeenskappe se metaalbewerkingspraktyke en nie net op hulle ekonomiese bestaanswyse nie. So is dit onomwonde vasgestel dat been ook as smeltmiddel of as katalisator gebruik is in onder andere koperreduksie en/of smeltpraktyke asook in ystermidswerk.

Benewens die ontleding en analise van dierlike skeletmateriaal is ook aandag gegee aan die insameling en chemiese ontleding van slakmonsters vanaf opgegraafde

en nie-opgegraafde metaalbewerkingsterreine. Die inligting is primêr benodig vir die identifisering van die tipe metaalbewerkingsaktiwiteite wat uitgevoer is - naamlik die bewerking van yster of koper. Die hoeveelheid en voorkoms van slak gee uiteraard ook 'n aanduiding of die metale primêr of sekondêr bewerk is - dit wil sê gereduseer is en of dit gesmee of gesmelt is. In die meeste gevalle kan dit vasgestel word watter tipe metale bewerk is op grond van die verskillende kenmerke van die metaalbewerkingsterreine, byvoorbeeld die kenmerke of tipologie van die oonde, die hoeveelheid en voorkoms van sekere slak of half-gereduseerde erts, ens. In sekere gevalle was die waarnemings alleen egter nie voldoende om bo alle twyfel vas te stel watter tipes metaal bewerk was nie - veral wanneer metaalbewerkingsterreine nie opgegrawe is nie en die kenmerke van veral die oond(e) dus onbekend bly.

Die chemiese analise van slak - veral van metaalbewerkingsterreine wat nie opgegrawe nie maar wel besoek en verken is - was uiters nuttig by die opstel van kaarte aangaande die distribusie van besondere metaalbewerkingsaktiwiteite soos die reduksie van yster of koper of beide metale op 'n terrein, die verspreiding van sekere tipes oonde in die omgewing, ens.

#### 5.4 Probleemgevalle

Met die uitvoer van die streekopname en die opgrawings is sekere probleme ondervind wat die navorsing bemoeilik het, en in sekere gevalle selfs verhinder het dat spesifieke ondersoeke uitgevoer kon word.

##### 5.4.1 Die streekopname

###### 5.4.1.1 Mondelinge oorlewering en die argeologiese oorblyfsels

Die meerderheid terreine (en dus koppies) was nie ononderbroke en vir langer as die afgelope driehonderd-en-vyftig jaar bewoon nie (dit wil sê vanaf ca1550). In die bespreking van die mondelinge oorlewering van die herkoms van die baPhalaborwa is daarop gewys dat dit betwyfel word of die oorleweringe verder as 1600nC teruggevoer kan word (vgl. II: 5). Die radiokoolstofdaterings wat dus bereken is vir die argeologiese oorblyfsels by Nagome, Sealeng en Kgopolwe (Stuiver en Van der Merwe 1968: 157-158; Van der Merwe 1971: 13 & Van der Merwe & Scully 1971: 184) asook by Shankare wat strek vanaf 900 - 1200nC, kan nie verband hou met die mondelinge oorlewering van die baPhalaborwa nie, hoewel veral Nagome,

Sealeng en Kgopolwe prominent figureer in hulle oorlewing.

Baie min is nog bekend van die aard en voorkoms van die vroeë oorblyfsels wat afkomstig is vanaf Shankare, Kgopolwe en Nagome - behalwe dat die potwerk vanaf die terreine ooreenkomste toon met die potwerk van latere bewoningsfases op dieselfde terreine (Evers en Van der Merwe 1987). Dit is ook bekend dat koper gedurende dié tydperk by Kgopolwe (N. J. van der Merwe, pers. mededeling) en Shankare gereduseer en/of gesmelt is in smeltkroese. Andersins is nog weinig bekend van die vroeë prominente fase van die ystertydperk in die Loole-terreinkompleks.

Die ligging van werklike ou of vroeë woonterreine is nie so geredelik aan informante bekend as terreine wat later of meer reserent maar langdurig bewoon is nie. Net so is die mees reserente of onlangs bewoonde (of benutte) terreine nie aan alle informante bekend nie, omdat dit slegs kortstondig in gebruik was. Onsekerheid oor die ligging van vroeë terreine soos Makwibidung is byvoorbeeld opmerklik in Scully (1978) se proefskrif waar etlike liggings vir die terrein verskaf word (vgl. III: 2.3.2.4). Benewens 'n algemene beskrywing van die ligging van vroeë woonplekke is die korrekte geografiese ligging nie so belangrik in mondelinge oorlewing nie. Ten einde die ligging van 'n terrein korrek te kan aandui, moet die informant en sy leermeesters almal die terrein by een of ander geleentheid besoek het. Dit is die inligting wat die argeoloog benodig. Ongelukkig kan die presiese ligging van die terrein op die grond nie altyd deur die informant verskaf word nie.

#### 5.4.1.2 Die geografiese skeiding van terreinkomponente

Die grootste enkele probleem wat met die streekopname en veral met die identifisering en beskrywing van terreine ondervind is, is die geografiese skeiding wat tussen woonterreinoorblyfsels en oorblyfsels wat met metaalbewerking verbind word, voorkom. Dikwels kom aanduidings van die bewerking van yster of koper - veral die sekondêre bewerking daarvan - ook voor tussen hutpuin en ander oorblyfsels wat primêr met bewoning verbind word. Dit is nie in alle gevalle duidelik hoe kontemporêr sulke eenhede of komponente van 'n terrein is nie, en selfs wat die ruimtelike of kulturele verband tussen sulke terreinkomponente kan wees nie. Ten einde die terreinkomponente van mekaar te onderskei moet dit funksioneel gedefinieer en omskryf word. So 'n beskrywing en terminologie vir die eenhede of komponente van 'n terrein wat funksies en dus ook kenmerke uiteensit, word hieronder bespreek.

#### 5.4.1.2.1 Terminologie

In dié proefskrif word die term **terrein** deurgaans gebruik om te verwys na 'n enkele lokaliteit of verskeie lokaliteite waar geografies, kultureel en tydgenootlik geassosieerde argeologiese oorblyfsels saam voorkom. So word oorblyfsels op die terrasse van 'n koppie asook op een of meer ander liggings, byvoorbeeld aan die voet van die koppie waar tydgenootlik geassosieerde argeologiese reste waarneembaar is, as 'n terrein beskryf. Die oorblyfsels verteenwoordig gesamentlik verskeie tydgenootlike terreinkomponente wat saam die argeologiese terrein uitmaak.

Die afsonderlike terreinkomponente word egter ook as terreine beskryf - maar dan na aanleiding van die primêre funksie van sodanige terreineenhede, naamlik 'n woonterrein, reduksieterrein (koper of yster), 'n smidsterrein (yster of koper) of 'n smeltterrein - dit wil sê 'n terrein waar koper sekondêr bewerk word deur reeds gereduseerde kopererts te smelt en daarnate giet. Die terme vir terreineenhede word hieronder breedvoeriger bespreek ten einde die funksie van elk tegniese te omskryf. Dit is dus moontlik dat 'n terrein uit verskillende ander terreine kan bestaan soos 'n ysterreduksie- en ystersmidsterrein asook 'n woonterrein.

Die bespreking hierna dui daarop dat metaal in verskillende prosesse of stadia verwerk word. Normaalweg bestaan die verwerkingsproses uit twee stadia - naamlik 'n eerste fase waar die yster- en kopererts gereduseer word ten einde die onsuiverhede daarin te verwyder. Hierna word die gereduseerde yster of koper verder verwerk - normaalweg deur dit te verhit en dan te hamer, smee, smelt (koper) ens. Dit is dus moontlik om te onderskei tussen die **primêre** en **sekondêre verwerking** van yster en koper. Die primêre verwerkingsproses hou verband met die reduksie van beide tipe ertse terwyl die sekondêre verwerking meestal aanleiding gee tot die produksie of vervaardiging van die finale voorwerp of artefak.

Dit is moontlik vir 'n terrein om aanduidings van die bewerking van yster sowel as koper - hetsy primêr en/of sekondêr - te lewer. In so 'n geval word daar na so 'n terrein as 'n **metaalbewerkingsterrein** verwys. Ook waar die funksie(s) van 'n terrein se terreinkomponente nie in alle gevalle duidelik is nie, word na so 'n terrein en sy terreinkomponente as 'n metaalbewerkingsterrein verwys. Indien die tegnologiese proses wat op die terrein voltrek was, bekend is, kan in so 'n geval 'n funksionele beskrywing of verwysing na die terrein verskaf word. Dan kan daar verwys word na 'n yster- of koperreduksieterrein, of 'n ystersmidsterrein en selfs

'n kopersmelt- of kopersmidsterrein.

'n Terreinverwysingstelsel is ontwikkel waar eerstens gebruik gemaak is van afkortings vir die verskillende terreine, bv. SER vir Serotwe, SHA vir Shankare, MAP vir Mapotini, ens. Verder is terreinkomponente van terreine chronologies genommer en wel op grond van hulle funksionele konteks, naamlik of dit reduksie-, of smidsterreine of woonterreine is asook volgens die geografiese skeiding en/of samegroepering van sodanige terreinverskynsels. So is aan 'n aantal terrasse wat 'n woonterrein vorm en wat 'n geografiese en funksionele eenheid vorm 'n nommer toegeken, byvoorbeeld SER5T1-T8 dui op agt terrasse van Serotwe wat die vyfde ondersoekte terreinkomponent van die Serotwe-terrein verteenwoordig.

In die geval van yster- en/of koperreduksieterreine kon nie dadelik vasgestel word of sodanige terreinkomponente gebruik is vir die bewerking van yster of koper nie. Gevolglik is sodanige terreine of terreinkomponente met 'n "M" vir metaalbewerking beskryf, byvoorbeeld SON2M1, hoewel dit bekend is (na chemiese analises en opgrawings) dat laasgenoemde terrein gebruik is vir die reduksie van koper.

Metaalbewerkingsterreine en dan veral ysterreduksieterreine is in sommige gevalle ver van mekaar geleë en is dus as afsonderlike terreinkomponente behandel, byvoorbeeld SER1M1, SER2M1 en SER3M1. In sommige gevalle is verskeie ysterreduksieoonde saamgegroeper en moet dit as sodanig van mekaar onderskei word, hoewel dit as't ware 'n enkele geografiese terreinkomponent verteenwoordig. Op Mapotini (MAP4M1) is so 'n terrein aangetref. Omdat dit egter onmoontlik is om sonder opgrawings vas te stel hoeveel oonde en dus terreine of terreinkomponente in MAP4M1 voorkom, is dit slegs beskryf as 'n enkele reduksieterrein.

#### 5.4.1.2.2 Tydgenootlikheid van terreinkomponente

Soos reeds genoem, skep die geografiese skeiding van woon- en metaalbewerkingsterreine asook metaalbewerkingsterreine onderling op dieselfde terreine etlike probleme vir die ondersoeker. Een van die belangrikste probleme is die vraag of sodanige terreinkomponente tydgenootlik is al dan nie. Die gesamentlike voorkoms van alle moontlike terreinkomponente, byvoorbeeld 'n woonterrein op die terrasse en aan die voet van 'n koppie en een of meer metaalbewerkingsterreine (yster en/of koper) waar beide metale primêr en sekondêr bewerk is - hetsy op 'n terras (sekondêr) en op verskeie lokaliteite aan die voet van die koppie (primêr), laat min twyfel dat sodanige terreinkomponente kontemporêr is oor 'n bepaalde tydsduur.

Dit mag byvoorbeeld tweehonderd jaar verteenwoordig. So 'n berekening van tydsduur berus normaalweg op 'n enkele datering wat van een van die terreinkomponente verkry is. Dit is egter onmoontlik om te bepaal of al die terreinkomponente oor die totale tydperk (bv. 200 jaar) kontemporêr was, tensy 'n reeks radiokoolstof-daterings van al die terreinkomponente gedoen word.

Betroubare vergelykbare daterings kan ook beperk of bemoeilik word omdat die houtskool van metaalbewerkingsterreine oorwegend uit kernmateriaal, dit wil sê òf dik òf ou boomstamme kan bestaan, en dus ouer kan wees as die houtskool van pale en takke vanuit vuurherde van woonterreine. Die daterings wat vir twee ysterreduksierreine by Kgopolwe verkry is en wat tweehonderd jaar in ouderdom verskil, mag 'n voorbeeld hiervan wees (vgl. III : 3.2.1)

Die datering van die slak van metaalbewerkingsterreine wat op een of ander wyse "stratigrafies" of met behulp van profiele en snitte ingesamel en met soortgelyke ingesamelde en gedateerde slakmonsters gekorreleer is, mag meer lig werp op die tydgenootlikheid van metaalbewerkingsterreine. Dié daterings kan weer vergelyk word met stratigrafies-ingesamelde houtskoolmonsters vanaf woonterreine. Vir die huidige is so 'n dateringsprojek egter buite die finansiële vermoë van die individuele navorser - selfs wat betref die datering van een terrein met verskeie terreinkomponente. Die probleem is dus soveel groter in die geval van bv. elf terreine met dertig tot vyftig terreinkomponente binne 'n streek met 'n potensiële terreingetal van minstens vyftig.

Die bepaling van die tydgenootlikheid van byvoorbeeld woon- en metaalbewerkingsterreine word verder bemoeilik deurdat daar beperkte vergelykbare materiaal tussen die terreinkomponente voorkom. Dié kenmerke of morfologie van oonde kan wel meehelp om die tydgenootlikheid van terreine te bepaal. Potwerk as sensitiewe tydindikator ontbreek normaalweg totaal op sekere metaalbewerkingsterreine. Die herhalende assosiasie tussen woon- en metaalbewerkingsterreine en die algemene vergelykbare kenmerke van die terreinkomponente, sê egter veel van die kulturele verband en dus ook van die tydgenootlikheid van die terreinverskynsels. Die patroonmatige assosiasie tussen die kenmerke van woon- en metaalbewerkingsterreine is dus 'n belangrike indikator van tydgenootlikheid tussen terreinkomponente vir 'n sekere tydperk. Die tydperk sal waarskynlik nie langer as driehonderd jaar, dit wil sê die periode waarmee mondelinge oorlewering vir die baPhalaborwa teruggevoer kan word, in die verlede terugstrek nie. Uiteraard is dié tydsduur onbekend waar die nodige daterings nie uitgevoer is nie. Ook sal dit verskil van terrein na

terrein en nie noodwendig in alle gevalle aaneenlopend wees nie.

Die kenmerke van die oonde op metaalbewerkingsterreine kan ook lig werp op die tydgenootlikheid van laasgenoemde en hulle geassosieerde woonterreine. Dit is egter ook so dat die verandering van oondtipe of -kenmerke 'n onbekende vraagstuk van die ystertydperk is. Dit is dus onbekend of oondtipologie - waar oonde talryk in 'n gebied sou wees - net so 'n sensitiewe tydindikator as byvoorbeeld potwerk in die Ystertydperk sal wees. In die algemeen is daar egter meer breë en algemene ooreenkomste as spesifieke verskille tussen die oonde van ystereen koperreduksierreine wat weer eens moontlike tydgenootlikheid weerspieël. 'n Verandering in die morfologie van ysterreduksie-oonde is meer opvallend en mag chronologiese en/of tegnologiese ontwikkeling en moontlik ook kulturele verskille tussen metaalbewerkingsgroepe weerspieël.

#### 5.4.1.3 Opspoorbaarheid en/of sigbaarheid van terreine en verskynsels

Soos reeds gemeld, is geen terreine bekend aan informante wat nie met die koppies van die omgewing verbind word nie. Terreine in die savannegebied tussen koppies wat tydgenootlik met die koppieterreine is, behoort egter voor te kom. Een so 'n terrein is op die plaas Laaste (24 LU) naby die Phalaborwa-hek na die NKW opgespoor. Soortgelyke tydgenootlike asook vroeëre terreine moet nog opgespoor word aangesien dit na verwagting wel in die savannegebied tussen die koppies sal voorkom. So is ook 'n enkele vroeë-ystertydperkterrein (voor 100nC) op die plaas Wegsteek (20 LU) in savannegebied aangetref. Die enigste wyse vir die opsporing van die terreine is egter voetverkenning - 'n uiters tydrowende metode van terreinopsporing. Die terreine wat in savannegebied voorkom - en in besonder vroeëre terreine mag verdere lig werp op die aard en ontwikkeling van metaalbewerking in die Loole-terreinkompleks.

Gedurende die streekopname is 'n studie gedoen van die tipologiese kenmerke van die koppieterreine ten einde soveel as moontlik kenmerke van sulke terreine te identifiseer. Met behulp van dié kenmerke kon terreine vergelyk word, maar ook attribuutkombinasies saamgestel word wat tiperend is van individuele terreine of groepe terreine. Gevallestudies van sulke terreintipes is weer met behulp van uitgebreide opgrawings of toetsopgrawings gedoen.

'n Opname en beskrywing van die attribute van terreine vereis 'n betreklike detailondersoek en verkenning van terreine. Dit is in sommige gevalle bemoeilik deur



plantegroei en die grootte van terreine wat nie in alle gevalle 'n deeglike ondersoek moontlik maak nie. Dit mag dus wees dat alle kenmerke van 'n terrein en sy terrein-komponente, nie waargeneem is nie. Dit is ook so dat 'n hoë persentasie terreine en terreinkomponente beskadig of vernietig is (vgl. V: 2.3), sodat alle terreine nie meer oor 'n volledige attribuutpakket beskik nie.

Uit die verspreiding en voorkoms van terreine in die Loole-terreinkompleks is kaarte opgestel van die distribusiepatrone van metaalbewerkingsverskynsels soos die tipes metale wat bewerk is, die tipes oonde wat in die navorsingsgebied voorkom, primêre en sekondêre metaalbewerkingspraktyke, die kenmerke van woonterreinkomponente, ens. (vgl. V). Dit het egter duidelik geblyk met die verloop van die streekopname en die opgrawings, dat veral die sekondêre bewerking van koper (dit wil sê die hamer daarvan hetsy of dit warm of koud is, asook om dit te smelt) nie in alle gevalle maklik op terreine sigbaar is nie. Die sekondêre bewerking van koper laat in weinige gevalle genoegsame en duidelike waarneembare afvalprodukte na. Dit hoef ook nie in uitgebreide en meer permanent-ingerigte strukture, soos byvoorbeeld die ystersmid se werksterrein, uitgevoer te word nie. Dit is selfs ook moontlik dat sekere vorme of prosesse van koperreduksie - wat uiteraard nog nie almal bekend is nie - ook weinige afvalprodukte in die vorm van slak kan hê. Die koperreduksie - en/of smeltterrein wat op Shankare ondersoek is, is 'n voorbeeld van so 'n moontlikheid.

Dit is dus moontlik dat die kaarte waarop die verspreiding van koperbewerkingsaktiwiteite aangedui word, 'n onwederige of onvolledige aanduiding van die verspreiding van hierdie aktiwiteite in die Loole-terreinkompleks verskaf (Figuur 26). Op dié kaart is dit opvallend dat min aanduidings van dié aktiwiteite by die koppies rondom die Old Guide Myn voorkom waar malagiet gemyn was. Ook is geen vorm van koperbewerking nog by histories belangrike terreine soos Kgopolwe en Sekgopo in vroeëre navorsing gerapporteer nie. Kgopolwe lê juis in die onmiddellike omgewing van die Old Guide Myn waar malagiet gemyn is. Op 'n terrein soos Sekgopo wat uit vroeëre navorsing veral bekend is vir ysterbewerking (Van der Merwe 1971 & Van der Merwe & Scully 1971), is stukkies malagiet en 'n stukkie koper (Foto 14) op die suidelike terrasse opgetel, sodat koperbewerking nie op die terrein uitgesluit kan word nie. Stukkies malagiet is ook aan die voet van Phêdule en Mapatse in die omgewing van die Old Guide Myn opgetel, maar geen direkte waarnemings in verband met die aard van koperbewerking kon aan die voet van die koppieterreine gemaak word nie. Dit was ook waar vir die koperreduksie- en/of smeltterrein wat eers na opgrawings by Shankare (SHA2M1) blootgelê is.

Die terreinkenmerkaart waarop die distribusie van koperbewerkingsterreine en tipes oonde in die Loole-terreinkompleks aangedui word, kan dus nie as die finale weergawe van die voorkoms en omvang van dié bedrywighede in die omgewing aanvaar word nie. Dit is duidelik dat koperbewerkingsaktiwiteite in sommige gevalle alleen deur opgrawings blootgelê kan word, en dat dit net soos ysterbewerkingspraktyke onder bepaalde omstandighede nie op die grondoppervlak sigbaar is nie (Figuur 26).

Die verspreiding van yster- en koperreduksieterreine asook van ystermidsterreine, is onder andere vasgestel deur die chemiese ontleding van slak van dié terreinkomponente. Die slak is vanaf slakhope of uit oonde ingesamel en daarna geanaliseer. Die metaalbewerkingsterreine is egter ook globaal geëvalueer en geïdentifiseer deur te let op die vorm en kenmerke van slakhope en oonde (indien lg. sigbaar is), die fisiese voorkoms van slak, die ligging van die terreine, die grootte en deursnee van blaaspypfragmente en ander geassosieerde vondste. Al dié data is dus in aanmerking gebring tesame met die resultate van die slakanalise sodat lg. nie die uitsluitlike indikator was of terreine as koper- of ysterredukstierreine benut is nie. Die chemiese ontleding van slak was dus slegs 'n hulpmiddel in die bepaling van die verspreidingspatrone van metaalbewerkingsterreine. Dit is nog onseker in welke mate die verskillende slakmonsters van een slakhoop kan varieer in chemiese samestelling. So is dit onduidelik hoe vasgestel kan word of beide yster en koper soms in sekere oonde (YR2- of KR3-tipe oonde - vgl. VI) gereduseer is, hoeveel monsters in so 'n geval ontleed moet word en ook hoe en waar die monsters uit die slakhoop verkry moet word.

Die kenmerke van veral ysterreduksie-oonde is nie in alle gevalle bekend waar dit deur slakhope bedek word nie. In sommige gevalle is die oonde totaal verberg sodat die kenmerke daarvan onbekend bly tensy die oond deels opgegrawe en weer bedek sou word. Dit is egter onraadsaam geag om die tipologie van oonde op dié wyse vas te stel aangesien die huidige bewaringstoestande of konteks van oonde oor ten minste die afgelope honderd jaar geskep is. Die oop- en toemaak van die oonde sou dus daardie bewaringstoestande, maar ook die argeologiese konteks, van die oonde versteur. Die verspreiding van die verskillende tipes oonde wat op die distribusiekaarte aangetoon word, berus dus op data wat verkry is uit die opgrawing van oonde, of gedeeltes van oonde wat bo die grondoppervlak sigbaar is, asook die verwysings, waarnemings en beskrywings van vroeëre navorsers van oonde in die Loole- maar ook die Sekgopo-terreinkomplekse. Ook dié besonder-

hede in verband met die verspreiding van verskillende tipes oonde in die omgewing, kan met verloop van tyd aangevul word (vgl. Figure 24-26).

#### 5.4.2 Die opgrawings

Volledige opgrawings van terreine en steekproefopgrawings van terreinkomponente van elf terreine wat die belangrikste terreintipes verteenwoordig, is gedoen. Die opgrawings was gerig op die insameling van verteenwoordigende inligting oor die twee belangrikste komponente van terreine, nl. bewoning en metaalbewerking. Sodoende kon meer vasgestel word van die aard en omvang van metaalbewerking in die Loole-terreinkompleks, en in welke mate lg. ander kultuurfasette weerspieël en beïnvloed.

##### 5.4.2.1 Beperkings in konvensionele opgrawingsmetodes

Die opgrawings van woonterreinkomponente soos terrasse het 'n eiesoortige problematiek wat ook deur 'n vorige navorser (Van der Merwe 1971) ervaar is. 'n Eie opgrawingstrategie en metodiek moes ontwikkel word om terrasse met onreëlmatige planvorms - waarop bodemrots dikwels uitsteek - en met steil hellings op te grawe. Driehoeke en sirkels het die standaard opgrawingsvierkante meestal aangevul of vervang. Profieltekeninge op terrasse het weinig waarde aangesien afsettings meestal vlak en homogeen is met betrekking tot kleur, tekstuur, ens. In ander gevalle begin of eindig profiele op nikssegende wyse teen bodemrots of keermure. Plantekeninge van woon- en metaalbewerkingsterreine het wel waarde en verskaf inligting oor vestigingspatrone, bv. die onderlinge rangskikking en verhouding van woonterreinoorblyfsels soos hutte, klipplatforms, terraskeermure, kleivloere en ander verskynsels soos reduksie- of smidsoonde.

Die uitgebreide plantekeninge van terreine is moontlik gemaak deur die opmetingspersoneel van Foskor, PMM en die Stadsraad van Phalaborwa. Al die plantekeninge verskaf aanduidings van die onderlinge rangskikking van woon- en metaalbewerkingsterreine. Ongelukkig gee dié plantekeninge geen indruk van die ingewikkelde reliëf en verhouding van terrasse tot mekaar en dus van woonterrasse as sulks nie. Dié unieke vestigingswyse van die laat-ystertydperk baPhalaborwa sal slegs deur driedimensionele modelle tot hulle reg kom.

#### 5.4.2.2 Opgrawings en bewaring

Meer as die helfte van die huidige en eens bestaande terreine asook komponente van terreine is deur dorps- en mynboukundige ontwikkeling asook deur vandale vernieting en beskadig (vgl. V: 2.3). Dit is onbekend hoeveel terreine totaal vernietig en onder uitskothope verdwyn het. Etlike ander terreine se navorsingspotensiaal is erg beperk of ingekort deur lg. aktiwiteite. Die aantal oorblywende terreine in die Loole-terreinkompleks kan dus beskryf word as krities min vir toekomstige navorsing en bewaring. Bewaring van alle terreine se afsettings moet dus 'n hoë prioriteit geniet. Sommige terreine beskik oor hoë navorsingspotensiaal en behoort fisies maar ook deur wetgewing vir die nageslag bewaar te word soos in die geval van Kgopolwe en Sealeng (vgl. Tabel 6).

Enige argeologiese navorsingsprojek wat in die Loole-terreinkompleks uitgevoer word, moet dus in gedagte hou dat opgrawingswerk ook vernietigingswerk is. Alle beplande opgrawings moet dus beperk en probleemgerig uitgevoer word. Met die opgrawingswerk vir dié navorsing is dus gepoog om "spaarsaam" met afsettings te werk hoewel die maksimum bruikbare inligting uit die opgrawings verkry moes word. Die herhaaldelike opgrawing van woonterrasse en metaalbewerkingsterreine is dus 'n onnodige vernietiging van argeologiese reste en andersyds 'n futiele oefening aangesien inligting meestal herhaal en dus herbevestig word. Opgrawings wat inligting en bevindinge kon bevestig, is omsigtig vermy. Die beskrywing en klassifikasie van terreine volgens hulle tipologiese kenmerke (Hoofstuk V) en die seleksie van enkele terreine uit die verskillende terreintipes, het veel daartoe bygedra dat onnodig opgrawings uitgevoer word. Opgrawings is na die tipologiese klassifikasie ook nog in enkele gevalle uitgevoer op terreine wat reeds gedeeltelik beskadig was (bv. Sebatini, Pjene en Selongwe) of wat vernietiging en verdwyning in die gesig staan (Ghoenkop, Evkomkoppie en Sonkoanini) ten einde ander ekwivalente of vergelykbare terreine ongerep te laat.

As 'n toekomstige bewaringstrategie is dit belangrik om terreine in geheel en feitlik sonder uitsondering fisies te beskerm aangesien min terreine bestaan en nog minder totaal ongerep is. Skade van een of ander aard is reeds aan die meeste terreine aangerig. Die ongereptheid van Sealeng en die beskadiging van afsettings van Kgopolwe andersyds, asook die sentimentele waarde wat aan die koppies verbonde is (benewens die feit dat beide tot nasionale gedenkwaardighede verklaar is), is van die belangrikste redes waarom opgrawings nie by die koppies uitgevoer is nie. Dit word ook aanvaar dat dit onwaarskynlik is dat die terreine veel meer

inligting sal oplewer as wat vir die doel van dié navorsing benodig is.

#### 5.4.2.3 Dokumentasiemetodes

Die gebruik en nuttigheidswaarde van plan- en profieltekeninge vir die woonterrasse van die koppieterreine is reeds hierbo bespreek. In die algemeen word die waarde van veral profieltekeninge as dokumentasiemetode in sekere argeologiese navorsing totaal oorskakel. In die afwesigheid van gestratifiseerde of multi-komponent vindplekke het dit selde waarde, maar word steeds hardnekkig gebruik. In plaas van die oorwegende en/of uitsluitlike gebruik van plan- en veral profieltekeninge van die detailkenmerke van metaalbewerkingsterreine, is die klem in die dokumentasie van laasgenoemde geplaas op die fotografering van terreine en die oonde daarop.

Bogenoemde foto's verskaf saam met die beskrywings (in tabelvorm) akkurate en nuttige inligting vir veral vergelykingsdoeleindes. Dit is egter ook 'n tydsbesparende metode vir 'n taak waar die praktiese beoefening van tekenwerk nie almal beskore is nie.

### 6. Samevatting

In die Phalaborwa-omgewing kan dus drie terreinkomponente hoofsaaklik op grond van geografiese oorwegings onderskei word. 'n Duidelike historiese verband bestaan egter tussen sekere koppieterreine van die Sekgopo-terreinkompleks (Sekgopo en Pjene) en die terreine van die Loole-terreinkompleks. Hoewel die baSai wat primêr met die Ga-Masišimale-terreinkompleks verbind word, histories en kultureel 'n ander herkoms as die baMalatji en ander vroeë baPhalaborwa-gemeenskappe het, is die groep kultureel sedert hulle aankoms in Phalaborwa in die regeringstyd van Makekele in 'n toenemende mate in die geledere van die baPhalaborwa geabsorbeer. Die groep wat histories langs die Masêkê-Malatji suid van die Selatirivier woonagtig was, woon vandag nog saam met die baPhalaborwa in die Masišmale-woonbuut ten weste van Phalaborwa. Die navorsing van dié proefskrif is egter slegs toegespits op die Loole-terreinkompleks.

Vroeëre navorsing het die omvang van metaalbewerkingsaktiwiteite in die omgewing uitgewys en oorsigtelik beskryf. Die verband tussen die huidige baPhalaborwa en die vroeëre ystertydperkwoonplekke is ook aangetoon. Aanvanklik het die navorsingsbevindinge verklaar dat 'n deurlopende duisendjaar-oue ystertydperktradisie rondom Loolekop voorkom, dit wil sê vanaf ca900 - 1900nC. Die opvatting is

egter deur 'n onlangse analisering van potwerkgegewens, waarop die vroeëre aanname berus het, herevalueer. Daar word tans aanvaar dat 'n onderbroke vroeëre en latere fase van die ystertydperk gedurende die afgelope duisend jaar in Phalaborwa voorgekom het. Die vroeëre fase bestaan uit 'n Moloko- en Kgopolwe-potwerktradisie wat gedeeltelik kontemporêr voorgekom het (ca1000 - 1300nC), maar nie noodwendig verwant is nie. Die later fase is bekend as die Letaba-potwerktradisie.

Ondersoeke deur amateur argeoloë soos Charles Moore, Jan Scholtemeyer en andere, het veel bygedra om die ystertydperkoorblyfsels van Phalaborwa bekend te stel. Met die afsterwe van Moore het 'n groot hoeveelheid inligting en kennis verlore geraak waarvan slegs 'n deel vir die nageslag gepubliseer is (Moore 1966; 1974). Meer tegniese ondersoeke soos veral die van Verwoerd (1956), het reeds op dié vroeë tydstip argeo-metallurgiese resultate opgelewer wat eers twee dekades later deur volwaardige argeologiese navorsing bevestig is.

Min is bekend van die mynbedrywighele wat op en in Loolekop asook by die Old Guide Myn plaasgevind het. Die daterings van houtskoolmonsters uit Loolekop dui egter daárop dat mynbedrywighele reeds in die periode van 900 - 1300nC in die kop plaasgevind het, en ook teen ca1750 toe mynboubedrywighele waarskynlik 'n tweede hoogtepunt by die kop bereik het. Dit is duidelik dat die mynbou-aktiwiteite toegespits was op die verkryging van sekondêre gemeneraliseerde koperertse soos malagiet, azuriet, en chrisocolle, terwyl magnetiet en gossan vir die reduksie van yster op die oppervlakte van Loolekop ingesamel is.

Loolekop sowel as die Old Guide Myn het 'n sentrale ligging ten opsigte van die Loole-terreinkompleks. Verlal die terrein Sealeng is gunstig tussen die twee myne geleë en ook nader aan Loolekop as Kgopolwe. Ten spyte van die afstand van terreine van die Sekgopo- en Ga-Mašišimale-terreinkompleks van Loolekop, is dit aange-  
toon dat magnetiet wel van Loolekop na die Squareterrein van die Ga-Mašišimale-terreinkompleks aangedra is. Verweerde magnetiet vanaf Sekgopo dui ook op dieselfde tendens ten opsigte van terreine in die Nasionale Krugerwildtuin.

In 'n streekopname van die Loole-terreinkompleks is minstens 50 koppieterreine opgespoor met behulp van lugfoto's, informante en voetverkenningstogte. 'n Groot aantal van die terreine se historiese name is van informante ingesamel. Uit die terreine is 'n aantal geselekteer wat verteenwoordigend is van sekere terreintipes. Die terreine is deur uitgebreide of toetsopgrawings ondersoek ten einde 'n geheelbeeld van die aard en omvang van die metaalbewerkingspraktyke van die koppieter-

reinbewoners van die Loole-terreinkomplek te verkry. Hoewel kontemporêre terreine in die vlaktes tussen die koppies mag voorkom wat verder lig op laasgenoemde metaalbewerkingspraktyke mag werp, is die opsporing van laasgenoemde 'n veeleisende taak en 'n navorsingsprojek op sigself. Geen vlakteterrein is dan ook in die mondelinge oorlewing van die baPhalaborwa bekend nie. Vlakteterreine wat mag voorkom, kan dus grotendeels verbind word met gewone baPhalaborwa-gemeenskappe wat nie enige direkte of indirekte verwantskap met kapteinslinie gehad het nie, aangesien die terreine en gemeenskappe dan in mondelinge oorlewering bekend sou gewees het.

Die streekopname-inligting is aangevul met opgrawingsinligting en die analise van slak van opgegraafde en nie-opgegraafde terreine ten einde verspreidingspatrone vir verskillende primêre en sekondêre metaalbewerkingsaktiwiteite vas te stel. Uit die verspreidingspatrone kon tendense soos die verspreiding- en voorkomsgebiede van sekere tipes metaalbewerking, die aard van metaalbewerkingsaktiwiteite op die terreine, nl. die primêre en/of sekondêre bewerking van yster en/of koper, die verspreiding van oondtipes en ander inligting afgelei word.

Inligting oor die mikrovestigingskenmerke van terreine is uiteraard ook ingesamel - onder andere deur die opmeet en kartering (asook opgrawing) van al die terreinkomponente van terreine. Hieruit is vasgestel wat die ligging en verhouding van verskillende terreinkomponente van 'n terrein tot mekaar is, bv. waar die primêre en sekondêre bewerking van yster en/of koper in verhouding tot mekaar of tot woonkomponente van die terrein plaasgevind het, ensovoorts.

Verskeie probleme is gedurende die navorsing ondervind. So is dit onwaarskynlik dat die mondelinge oorlewering van die baPhalaborwa vir veel meer as 200 jaar teruggevoer kon word, dit wil sê tot vroeër as ca1650. Nogtans is dit insiggewend dat vroeë ystertydperkooiblyfsels (ca900 - 1300nC) prominent figureer en voorkom by koppies soos Kgopolwe en Nagome (asook Shankare en waarskynlik ook by ander koppies soos Sealeng) wat ook as van die vroegste woonpunte van die baPhalaborwa in hulle oorlewering vermeld word.

Die geografiese skeiding wat tussen die komponente van koppieterreine bestaan, is een van die moeilikste oorbrugbare probleme in die ondersoek van die terreine van die Loole-terreinkompleks, aangesien duidelikheid nie in alle gevalle bestaan oor die tydgenootlikheid van sulke terreineenhede nie. Dit bemoeilik dus pogings om 'n historiese raamwerk vir die terreine te formuleer - veral ook omdat sensitiewe

tydindikatoren soos potskerwe gewoonlik totaal op reduksieterreine ontbreek. Die tydgenootlikheid van terreine en terreinkomponente kan ook nie vasgestel word deur tans onbekostigbare uitgebreide reekse radiokoolstofdaterings nie. Die sigbaarheid van terreinkomponente of verskynsels soos sekondêre koperbewerkingsaktiwiteite (die warm of koue smee van koper en die smelt van bestaande of reeds gereduseerde koper) is verder 'n prakties moeilik en meestal onoplosbare probleem in die opspoor van soveel as moontlik terreinverskynsels en/of -komponente van terreine.

'n Probleem wat verbonde aan die tydgenootlikheid van terreinkomponente is, is die naas- of bo-opmekaar voorkoms van vroeë en laat-ystertydperkvoorbyfsels, bv. by Kgopolwe en Shankare. Die fragmentariese aard van die potwerk en die afwesigheid van dik afsettings asook waarneembare stratigrafie, vergemaklik nie die vroegtydige waarneming van tydgenootlik maar kultureel verskillende ystertydperkvoorkomste nie.

Die datering van houtskool uit reduksieterreine kan ook probleme skep by die formulering 'van ouderdomsekwensies. Hout wat as houtskool voorberei is, mag onderling tot tweehonderd jaar of meer in ouderdom wissel en kan gevolglik verwarrende datums vir reduksieterreine en hulle (moontlik jonger gedateerde) geassosieerde woonterreinkomponente oplewer. Die vergelyking van gedateerde houtskool- en slakmonsters van reduksieterreine mag probleme van die aard oplos.

Weens die feit dat 'n groot aantal terreine van die Loole-terreinkompleks reeds vernietig is, is dit duidelik dat 'n volledige beeld van die aard en omvang van die metaalbewerkingspraktyke van vroeë baPhalaborwa-gemeenskappe rondom Loolekop nie meer bestaan nie. Die verspreidingspatroon van terreintipes, oondtipes, ens. kan dus nie as volledig aanvaar word nie. Die oorgeblewe oonde op reduksieterreine kan nie na willekeur op- of oopgegrawe word ten einde bloot die kenmerke of tipologie van oonde vas te stel nie.

Konvensionele opgrawingsmetodes het sekere tekortkominge in veral die opgrawing van woonterreinkomponente se terrasse bo-op koppies sodat standaard opgrawingsvierkante dikwels vervang is met driehoeke en selfs sirkels. Min profieltekening van opgrawings is gebruik omdat dit weinig waarde het. Dit is hoofsaaklik vervang met uitgebreide plantekeninge van alle komponente van terreine en met foto's en beskrywende tabelle van veral reduksie-oonde om die morfologie en tipologie van laasgenoemde te belig.